DIE NUWE STEM VIR 'N NUWE SUID-AFRIKA

VRYE Weekblad

9 Junie 1989 Tel: (011) 836-2151 Prys: R1,20 (R1,06 + 14c AVB)

• Comrades-wenner praat oor pap en vleis, sy kinders en sy nuwe Bybel - 20

• Die Dopper en die Jood - 'n nuwe geslag wit leier - 10 & 11




*Foto: Eric Moller - Afrapix*

# Stellenbosch-protes op die spits

**Anton Steenkamp**

IN 'n week van ongekende protespolitiek op 'n Afrikaanse kampus het honderde studente én lektore van die Universiteit van Stellenbosch geëis dat die skorsing van 'n studente-aktivis en die tydelike verbod op twee organisasies op die kampus voor môre-oggend tienuur herroep moet word.

Die studente dreig die Universiteit met regstappe indien die rektor, prof Mike de Vries, nie die skorsing van die plaaslike Nusas-voorsitter, Leslee Durr, en die tydelike verbod op die bedrywighede van Nusas en die Black Students Organisation of Stellenbosch (BSOS) môre-oggend (Saterdag) herroep nie.

**Die rektor van die Universiteit van Stellenbosch, Mike de Vries, spreek 'n protesvergadering toe wat belê is ná die skorsing van Leslee Durr**

Gister het al die werkers van die universiteit gestaak in protes teen die rektor se optrede. Honderde werkers het in die Langenhoven Studentesentrum bymekaargekom waar hulle vryheidsliedere gesing en slagspreuke geskreeu het. Plakkate met bewoording soos: "Viva Leslee Durr en " Bring Leslee terug" is vertoon. 'n Vakbondwoordvoerder het gesê rassisme op die kampus moet finaal uitgeroei word.

Die groeiende versetgees op Suid-Afrika se oudste Afrikaanse kampus het die afgelope week 'n hoogtepunt bereik toe sowat 1 500 studente verlede Vrydag hul eksamenprogram verbreek het om 'n protesvergadering teen die verbod by te woon en protesbriewe aan De Vries te oorhandig.

Nadat De Vries gesê het die besluit sal nie herroep word nie, is nog 'n protesvergadering gereël wat Maandag deur sowat 800 studente bygewoon is.

De Vries is ná 'n stemming toegelaat om op sy versoek die vergadering toe te spreek. Hy het gesê dat die studente gedreig het om 'n akademiese boikot in te stel en van plan is om R100 000 in te samel vir hul regsgeding teen die universiteit.

De Vries het ook gesê hy is nie van plan om aan die studente se eise gehoor te gee en die verbod en skorsing te herroep nie. "As dit nie reën nie, sal ek Saterdagoggend gholf speel," het hy gesê.

Na die vergadering was daar weer 'n optog na die administrasie-gebou. Op die trappe van die gebou het die studente Nkosi Sikelel'iAfrika gesing en verdaag nadat hulle besluit het dat verdere optrede ontwrigtend sou wees vir studente wat wil studeer.

Die drama op die kampus draai om 'n protesoptog ten gunste van die oopstelling van koshuise vir alle rasse wat op 18 Mei plaasgevind het. Dit het daartoe gelei dat die tugkomitee

*Na bladsy 2*

## Hospitaaldienste stort in duie

# 'Eie sake' se doodsvonnis

**Elsabé Wessels**

DIE bedankings van 33 geneeshere en meer as 50 verpleegkundiges weens die afdwing van apartheid in Johannesburg se JG Strijdom-hospitaal het dienste by dié belangrike hospitaal in duie laat stort wat lewens in gevaar kan stel.

Verskeie ander groot hospitale in die land kan dieselfde pad loop wanneer die regering sy huidige beleid van "eie sake" en "algemene sake" verder afdwing.

Die skerp styging in bedankings by JG Strijdom nadat die kabinet dit tot 'n wit "eie sake"-hospitaal verklaar het, het 'n ingrypende inkorting van dienste veroorsaak. Die bedanking van departementshoofde gaan binnekort die sluiting van die intensiewe eenheid, die niereenheid en die harteenheid noodsaak. Al drie lewer lewensnoodsaaklike dienste aan duisende pasiënte.

"In die niereenheid moet ons so gou as moontlik pasiënte oorgeplaas kry na ander hospitale. Daar is pasiënte wat sal doodgaan indien hulle nie die nodige sorg kry nie. Die kabinetsbesluit het 'n doodsvonnis oor pasiënte uitgespreek," het 'n departementshoof aan die hospitaal gister gesê.

Die aantal geneeshere wat hul dienste by die hospitaal gaan beëindig, het in die laaste maand verdriedubbel en sluit nou sowat 'n kwart van die hospitaal se geneeshere in. Nog bedankings word verwag. Drie uit die ses departementshoofde by JG Strijdom het reeds bedank.

Dr Michael Veldman, die adjunkminister van Nasionale Gesondheid, het op navraag sy kommer oor die situasie uitgespreek. Hy het bevestig dat die onttrekking van personeel die hospitaal onherroeplike skade berokken het en 'n ernstige inkorting van dienste tot gevolg het. Die kabinetsbesluit om die JG Strijdom tot 'n "eie-sake" hospital te verklaar, sal binne die volgende maand deur die wit Ministersraad heroorweeg word, het Veldman gesê en bygevoeg dat dit sal tyd neem om dienste by die hospitaal na normaal te laat terugkeer.

Die getalle van geneeshere en verpleegkundiges wat in die laaste ses weke gevra het dat hul dienste aan die hospitaal beëindig word, is gister deur die uittredende superintendent, dr Antoinette van der Merwe, bevestig. Sy was egter nie bereid om

*Na bladsy 2*

# Demokrate nou op die wenpad!

**Elsabé Wessels**



DIE afrokkeling van 'n munisipale wyk in 'n "veilige" Nasionale Party- kiesafdeling stel nou 'n hele aantal ander "veilige" NP-setels binne die Demokratiese Party se bereik - en maak hul aanspraak dat hulle ná 6 September die Amptelike Opposisie kan wees, glad nie meer vergesog nie.

Die oortuigende oorwinning wat die DP-kandidaat, Brahm Spies, in die dramatiese kragmeting in Linden - in Pik Botha se Westdene-kiesafdeling - behaal het, is in beide DP en NP-kampe gelees as 'n "voorspel" tot die algemene verkiesing op 6 September.

Woensdagaand se uitslag het leidende Nasionaliste merkbaar geskok gelaat, veral omdat dit duidelik blyk dat die swaai veral onder Afrikaanssprekendes voorgekom het.

"Linden het bewys wat ons oral oor besig is om te sien gebeur. Alle Suid-Afrikaners, insluitend Afrikaners, is besig om te sê hulle wil politieke verandering sien. Dis 'n duidelik tendens in die breë politiek," het 'n oorstelpte Wynand Malan, medeleier van die DP, gesê.

"Op 6 September gaan ons die Nasionaliste aanvat in kiesafdelings waar geen party links van die NP nog gestaan het nie. Linden het die deurslag gegee," was die reaksie van die nasionale organiseerder van die DP, Neil Ross.

Dit is verder insiggewend dat die NP die verkiesing op nasionale beleid eerder as plaaslike kwessies geveg het: hul tema was dat die DP "sag is op sekuriteit" en "praat met die ANC".

Dit is veral die oes van Afrikanerstemme wat die DP in staat gestel het om die wyk. In 'n drie-party munisipale verkiesing tussen die NP, die KP en die PFP in 1987 het die NP met 'n meerderheid van 393 stemme gewen.

Woensdagaand het die DP verdubbel op die PFP-stem. Die DP het 1 562

*Na bladsy 2*



**Groot vreugde vir die DP in Pik Botha se kiesafdeling. Medeleier Wynand Malan is hier saam met die kandidaat Brahm Spies en die DP-leier in die Johannesburgse Stadsraad, Tony Leon (voor) afgeneem kort ná die onverwagte uitslag bekend gemaak is.**

# 'n Stap nader vir Natal-vrede

**Charles Leonard**

NOG 'n tree is gegee op die kronkelpad na vrede in Natal. Die hoofminister van KwaZulu, Mangosuthu Buthelezi, het toegestem dat een of twee van sy kollegas verteenwoordigers van UDF en Cosatu by enige ooreengekome plek ontmoet om te begin gesels oor vrede.

Hy het dié ooreenkoms aangegaan met 'n afvaardiging van die Anglikaanse Kerk wat vandeesweek in Durban gesit het.

Ná hul gesprek in Ulundi hèt Buthelezi gesê hy hoop vir 'n latere ontmoeting tussen die vier presidente van Inkatha, die ANC, die UDF en Cosatu, om 'n plan saam te stel vir vrede in Natal.

Daar is reeds 1 323 mense dood in die gevegte tussen ondersteuners van die UDF/Cosatu en Inkatha wat die Natalse middellande teister, het John Jeffreys, 'n Pietermaritzburgse advokaat, dié week by 'n Jodac-vergadering in Johannesburg gesê.

Jeffreys, wat die geweldpleging in dié gebied monitor, sê daar het reeds tussen twintig en dertig duisend mense uit veral die Pietermaritzburg-gebied, gevlug.

Daar is 32 mense in Mei gedood.

Die afgelope week was daar 'n gespanne, dog vreedsame protes teen die moord op 'n Cosatu-bemiddelaar, Jabu Ndlovu. 'n Wegbly-aksie van drie dae is deur die UDF/Cosatu in Pietermaritzburg gereël.

Ndlovu se man en hul dertienjarige dogter is ook in die aanval op hul huis in Imbali gedood.

Die wegbly-aksie het 'n louwarm ontvangs gehad. Die Ontwikkelingstudies Navorsingsgroep aan die Universiteit van Natal, wat die aksie gemonitor het, het in hul steekproef bevind dat 'n gemiddeld van 25 persent van die werkers van die werk af weggebly het gedurende die drie dae.

Waarnemers beskou Buthelezi se toestemming tot samesprekings by 'n neutrale plek as 'n bemoedigende stap nadat hy vroeër daarop aangedring het dat dit in Ulundi gehou word.

# 'n Verdere knou vir Gerrit Viljoen

**Deur ons verteenwoordiger**

DIE posisie van die minister van Onderwys en Opleiding, Gerrit Viljoen, het dié week 'n verdere knou gekry toe dit uit getuienis voor die Van den Heever-kommissie van ondersoek geblyk het dat die voormalige hoof van sy departement se kommunikasie afdeling - wat juis normalisering in swart onderwys moet bevorder - ook by die skandaal betrokke mag wees.

Uit getuiens voor Regter Leo van den Heever se kommissie wat beweerde onreëlmatighede in die departement ondersoek, blyk dit dat die gewese hoof van die afdeling Gemeenskapskommunikasie (Gemkom), Jan Vermaak, opdrag gegee het dat sekere kwotasies vir drukwerk aan die departement "gekook" moet word.

Vermaak, wat intussen deur Viljoen verplaas is, het volgens Anton du Toit, 'n Pretoriase drukker van die maatskappye Publication Scan en Drukprint, in 'n stadium vir Du Toit opdrag gegee dat hy namens 'n maatskappy, Nasta, wat nie meer bestaan nie, vir die departement vir drukwerk moet kwoteer.

Die gevolg was dat Tinus Strydom, seun van die adjunk-direkteur-generaal van die departement, Jaap Strydom, uiteindelik die kontrak gekry het.

Du Toit het ook getuig dat Strydom jnr verskeie kere self vir hom gevra het om "dummy" kwotasies in te dien. Weer eens het Strydom se maatskappye, Forma Uitgewers, Positive Communications of Prima Sports die kontrak beklink.

Na verwagting sal die kommissie binne die volgende week verdaag na getuienis van Jaap Strydom aangehoor is. Regter van den Heever sal moontlik 'n tussentydse verslag uitbring voordat die kommissie met sy tweede ondersoek - dié oor swart jeugkampe - begin.

In die stadium is dit nie onmoontlik dat die kommissie se bevindige tot 'n kriminele ondersoek kan lei nie. Benewens Vermaak, is sy tweede-in-bevel, Richard Beech, ook intussen uit Gemkom verplaas. Eben Coetzee, wat tot voor die kommissie se verrigtinge adjunk-streekdirekteur in Natal was, is sedertdien voorlopig geskors en Jaap Strydom is vroëer aftrede op grond van swak gesondheid deur Viljoen geweier.

Die jongste getuienis voor die kommissie bring ook die lasteraksie van bykans 'n R500 000 wat die Strydom pa en seun teen die Financial Mail en sy politieke redakteur Eddie Botha ingestel het, in gedrang. Die FM het verlede jaar die eerste keer oor die drukkontrakte en beweerde onreëlmatighede by swart jeugkampe berig.

**WEENS probleme met ons verspreidingsmaatskappy se personeel op 16 Junie, sal Vrye Weekblad volgende week op Donderdag, 15 Junie, verskyn.**

# Krisis by hospitaal

*Vanaf bladsy 1*

die toestande by die hospitaal te bespreek nie. Van der Merwe, wat onder die eerstes was om haar bedanking in te dien, verlaat die hospitaal aan die einde van Junie.

Senior dokters aan die hospitaal het egter aan Vrye Weekblad gesê dat die inkorting van dienste by JG Strijdom mediese dienste in Johannesburg in 'n ernstige krisis dompel en die lewering van lewensnoodsaaklike dienste aan duisende pasiënte in die weegskaal plaas. Die oorplasing van pasiënte uit JG Strijdom na ander hospitale plaas nou selfs groter druk op dié hospitale. Al die provinsiale hospitale in Johannesburg is sowat 40 persent onderbeman.

Al word die kabinetsbesluit herroep, sal dit sowat 18 maande neem om die skade wat met die aankondiging van 1 April aangerig is, reg te stel, het 'n departementshoof gesê. "Personeel se moraal is laag," het hy bygevoeg.

Die ernstige fragmentasie van gesondheidsdienste, die buitensporige kostes verbonde aan die duplisering van dienste met "eie sake" en "algemene sake" is skerp gekritiseer.

Die Mediese Vereniging van Suid-Afrika het die week skerp teen "diskriminasie" in mediese dienste te velde getrek en gesê dit "is onmoontlik om gesondheidsake as eie sake te hanteer sonder om doeltreffendheid in te boet. Alle diskriminerende maatreëls moet afgeskaf word om te verseker dat apartheid uitsterf, het die uittredende president van die MVSA, dr Bernard Mandell, gesê.

Uit regeringskringe word steeds beweer dat personeel "politiek maak" met hul bedankings en versoeke vir oorplasing na ander provinsiale hospitale.

Verskeie mediese personeel het gister egter beklemtoon dat hul besluit nie weens politieke nie, maar wel "professionele redes" geneem is. Die hospitaal wat 'n amptelike akademiese opleidingshospitaal was, het egter sy akademiese status verloor omdat die administrasie van die hospitaal nou onder blanke "eie sake" val en nie meer onder "algemene sake" nie.

Akademiese status beteken dat 'n hospitaal gemagtig is om 'n persoon wat as 'n spesialis by die mediese raad geregistreer is, op te lei. Sulke opleiding kan volgens 'n regeringsbesluit slegs by hospitale wat onder "algemene sake" val, gedoen word.

Volgens geneeshere was dit juis die handhawing van hoë akademiese standaarde by JG Strijdom wat geneeshere en verpleegkundiges na die hospitaal gelok het. Om dié rede het die hospitaal personeeltekorte in die verlede vrygespring, het 'n departementshoof beweer.

Volgens 'n spesialis het die meeste geneeshere en verpleegkundige personeel hulself juis weens die akademiese status van die JG Strijdom aan die hospitaal verbind. Sodoende was hoofde, spesialiste, kliniese assistente en mediese beamptes gesamentlike aanstellings by die Provinsiale Administrasie en die Mediese Fakulteit van die Universiteit van die Witwatersrand. Die meeste versoek nou om na ander hospitale met akademiese status oorgeplaas te word.

# Demokrate is nou op die wenpad

*Vanaf bladsy 1*

en die NP 1 222 stemme getrek. Daar was slegs 12 bedorwe stembriewe. Die stempersentasie was 57 persent.

'n Liegstem in die guns van die DP het daartoe bygedra dat Nasionaliste uitgesproke verbaas was oor die DP se meerderheid.

Alwyn Marx, organiseerder van die Nasionale Party, was duidelik geskok deur die uitslag.

"Ek het gedink hulle gaan wen, maar nie só ver nie. Dis 'n stem vir hervorming en ons moet daarvan kennis neem.

"Die kiesers het nie hier oor plaaslike aangeleenthede kom stem nie. Hulle het party-politiek gestem," het Marx gesê.

Die erns waarmee die wyksverkiesing aangepak is, spreek duidelik uit die teenwoordigheid van Botha, adjunk-minister Roelf Meyer, en verskeie NP LPs in die loop van die dag. "Die mense het duidelike griewe waarna ons moet kyk," het Botha gesê.

Die NP het op die vooraand van die verkiesing 'n smeeradvertensie in 'n plaaslike koerantjie geplaas waarin die DP daarvan beskuldig is dat hy "sag is op sekuriteit" omdat Anita Worrall, vrou van dr Denis Worrall, die medeleier van die DP, vroue van die ANC verlede maand in Harare ontmoet het. In die artikel word Anita Worrall se naam gekoppel aan die sogenaamde "angel of death", Stephanie Kemp, 'n lid van die ANC wat Suid-Afrika in 1962 verlaat het.

"Dit is duidelik dat die NP se taktiek van 'n verdagmakery op veiligheidsvlak nie in dié Afrikanerkiesafdeling geslaag het nie," het die leier van die DP in die Johannesburgse stadsraad, Tony Leon, gesê.

"Ons het teen apartheid en vir onderhandeling gestaan in dié wyksverkiesing en ons het gewen," het Spies gesê.

# Stellenbosch-protes op die spits

*Vanaf bladsy 1*

Durr tot aan die einde van die jaar geskors het en die bedrywighede van Nusas en BSOS vir vier maande opgeskort is.

Die Goldfields-koshuis, die enigste koshuis op Stellenbosch wat oop is vir swartmense, is met R500 beboet vir hulle aandeel aan die optog. Huis Marais is ook met R500 beboet nadat sy inwoners die deelnemers aan die vreedsame protesoptog met eiers en melk bestook het.

Meer as 60 lektore op Stellenbosch het hulle in 'n vergadering teen die verbod uitgespreek en besluit om 'n petisie onder die lektore te sirkuleer waarin hulle hul misnoeë met die universiteitsowerhede uitspreek.

Die Stellenbosch-tak van die Unie van Demokratiese Universiteitspersoneellede van Suid-Afrika (UDUSA) het in 'n verklaring die reg tot vreedsame protes op die kampus bevestig.

Intussen het die studenteraad van die Universiteit van Kaapstad Stellenbosch se SR laat weet dat die jaarlikse intervarsity tussen dié twee universiteite in die gedrang kan kom as die Matie SR hom nie uitspreek teen Durr se skorsing en die verbod op Nusas en BSOS nie.

Die Matie-SR het die boodskap ontvang minute nadat hulle met 'n



Leslee Durr

stemming van sewe teen vyf 'n mosie verwerp het dat die SR 'n beroep op die US-administrasie moet doen om die verbod en skorsing onmiddellik op te hef. Drie SR-lede het buite stemming gebly.

'n Protesoptog op die Ikey-kampus is Dinsdag deur die polisie met traangas uiteen gejaag. Sowat tweehonderd Ikeys het bokant De Waalpad teen Durr se skorsing betoog.

Die Matie SR het Woensdagaand 'n dringende boodskap aan UCT gestuur om hulle te vra om nie die Intervarsity van 1989 af te stel nie. Die Stellenbosse SR se in hul boodskap dat hulle die reg tot vreedsame protes en die oopstel van koshuise steun. Hulle is egter besig om deur bestaande kanale voorstelle aan die administrasie te gee. Die SR-voorsitter en ondervoorsitter het die rektor versoek om voor môre die aangeleentheid na 'n onafhanklike arbiter te verwys vir herevaluering.

Die tugkomitee se besluit om Durr te skors, is geneem na aanleiding van die verbod op die hou van protesoptogte en demonstrasies wat in September 1985 ingestel is nadat sowat 300 studente aan 'n protesoptog teen die noodtoestand deelgeneem het. Volgens dié Raadsbesluit kan enige student wat aan 'n demonstrasie op die kampus deelneem, geskors word.

Toe De Vries daarop gewys is dat daar nie opgetree is teen studente wat met plakkate teen die verbod op die Voëlvry-konsert betoog het op 9 Mei nie, het hy gesê dit was "na aan 'n demonstrasie maar nie werklik 'n demonstrasie nie".

Durr maak veral beswaar teen die manier waarop teen haar as voorsitter van Nusas opgetree is, terwyl daar nie teen die voorsitters van BSOS of die primarius van Goldfields opgetree is nie.

Volgens De Vries is daar so opgetree omdat "die graad van betrokkendheid" by die optog nie dieselfde was nie.

SR-lid Mark Behr, wat ook 'n lid van Nusas is, meen egter dit was 'n polities geïnspireerde en rassistiese stap. Hy het daarop gewys dat Nusas 'n demokratiese organisasie is, wat kollektief optree - Durr kon dus nie eiehandig die protesoptog verhoed het nie.

De Vries sê daar is teen haar persoonlik en in haar kapasiteit as voorsitter opgetree, "omdat die leier van 'n organisasie iets moet kan stop wat teen die reëls is".

Die SR-voorsitter, Pierre van der Spuy, het buite stemming gebly in die SR- mosie teen die verbod. Van der Spuy sê hy is persoonlik gekant teen die universiteitsowerhede, maar hy sou vra dat die hele kwessie eers weer ondersoek moet word. Hy meen ook die verbod op vreedsame protesoptogte op die kampus moet heroorweeg word.


Die hele SR is blykbaar ten gunste van oopstelling van koshuise en die meeste lede voel ook dat die verbod op protesoptogte opgehef moet word. Terwyl die verbod nog geld, voel hulle egter verplig om optrede teen Nusas en BSOS te onderskryf, hoewel die tugkomitee se optrede na hulle mening te drasties was.

'n Stelling van De Vries dat die studente gedreig het om 'n akademiese boikot in te stel en dat hulle van plan is om R100 000 in te samel vir regskoste, is deur Behr as "leuenagtig" bestempel.

"Dié moontlikhede is slegs deur 'n groepie van ses tot agt mense in 'n private gesprek genoem. Die hele groep studente en Nusas as organisasie het nog nooit die akademiese boikot in sy geheel ondersteun nie," sê Behr. "Waar kom die rektor hier aan? Dit ruik vir my na veiligheidspolisie."

Alle politieke kommentaar in hierdie uitgawe van Vrye Weekblad is deur Max du Preez, en opskrifte deur Ryk Hattingh. Albei is van Breëstraat 153, Newtown, Johannesburg.

## Ou kamerade bymekaar



**Dit lyk of die regering begin het met sy proses om die ANC-leier Nelson Mandela later vanjaar vry te laat. Vandeesweek is sy ou kameraad en ANC-veteraan, Govan Mbeki, hier buite die Victor Verster-gevangenis saam met Farieda Omar afgeneem, toegelaat om Mandela twee keer te besoek. Sy vorige versoeke om toestemming om Mandela te besoek, is geweier. Verlede week is nog 'n ANC-leier wat jare lank saam met Mandela op Robbeneiland was, Harry Gwala, ook toegelaat om Mandela te besoek, en voorverlede week het Mandela se blograaf, prof Fatima Meer, en haar man aandete saam met hom in sy huis op die gevangenisgronde geniet. Daar word verwag dat een van die volgende stappe gaan wees om 'n joernalis toe te laat om 'n onderhoud met Mandela te voer.**

# ANC: 'nog 'n stap nader aan die huis!'

**Jacques Pauw**

ONS is nog 'n stappie nader aan die huis, was die blye reaksie van 'n woordvoerder van die ANC in Lusaka ná die nuus dié week dat die ANC nou 'n wettige organisasie in Namibia is en kantore in Windhoek kan open.

Administrateur-Generaal Louis Pienaar het vandeesweek diskriminerende en beperkende maatreëls in Namibia opgehef wat die deur vir die ANC, SAKP en PAC in dié land oopmaak.

"Ons bestudeer nog Pienaar se aankondiging, maar so op die oog af is ons baie bly daaroor. Elke tree nader aan die huis is vir ons 'n blye dag. Namibia was nog altyd gekoppel aan Suid-Afrika en nou word ons skielik daar toegelaat.

"Ons sal dit uiteraard baie sterk oorweeg om 'n kantoor in Windhoek te open. Dit sal egter moeilik wees om dit voor onafhanklikheid te doen, siende dat Pienaar die land nog beheer en kop in een mus met die Suid-Afrikaanse regering is. Daar is boonop nog baie wit elemente in die land wat ons kwaadgesind is," het die woordvoerder gesê.

Hy het gesê daar is geen moontlikheid van ANC-basisse in Namibia wat as afspringplek vir aanvalle teen Suid-Afrika gebruik sal word nie. Hy het gereageer op 'n verklaring van staatspresident PW Botha dat as dit sou blyk dat die ANC en SAKP vanuit Namibia teen Suid-Afrika optree, die regering nie sal huiwer om die polisie en die weermag in te stuur om dit te beëindig nie.

Intussen heers daar nog groot onsekerheid oor presies wat Pienaar se aankondiging behels. Hy het gesê dat lede van die ANC toegelaat sal word in Namibia mits hulle nie as ongewenste persone geklassifiseer word nie.

Pienaar het gesê daar is maatreëls in Namibia van krag wat bepaal dat slegs persone met visums in die land toegelaat word en dat dit ook gebruik kan word om gewenstes uit die land te hou.

Botha het in sy kommentaar gesê die feit dat die diskriminerende wette nie meer van toepassing is nie, beteken egter nie dat die ANC en die SAKP nou spesifiek gewettig word nie.

Politieke waarnemers wys egter daarop dat die meeste lede van die ANC ook Suid-Afrikaanse burgers is. SA burgers het tot met onafhanklikheid outomatiese reg van toegang tot Namibia en het nie visums nodig nie. Hy sal hulle dus kwalik die land kan verbied.

Beheerpunte bestaan by alle in- en uitgangroetes na Namibia. Suid-Afrikaanse burgers moet 'n paspoort, identiteitsdokument of ander positiewe bewys van bugerskap kan lewer.

Die verwagting is dat die ANC voor die verkiesing minstens van sy diplomate op 'n gereelde grondslag na Namibia sal stuur. Swapo en die ANC het nog altyd noue vriendskapsbande. Swapo sal uiteraard die ANC se teenwoordigheid in Namibia verwelkom.

Die wettiging van die ANC in Namibia is 'n belangrike sielkundige oorwinning vir dié organisasie nadat hy in die laaste jare weens volgehoue druk van Suid-Afrika terugslae in lande soos Swaziland, Botswana en Mosambiek ondervind het en onlangs selfs Angola moes verlaat.

Namibia is veral vir die ANC belangrik omdat dié land nog altyd as deel van SA geadministreer is en sy inwoners as SA bugers beskou is.

Min twyfel bestaan dat die ANC ná onafhanklikheid en veral met 'n Swapo-regering volwaardige verteenwoordiging in Windhoek sal hê. Dit kan 'n belangrike kontakpunt tussen Suid-Afrikaners en die ANC word en Harare en Lusaka vervang.

Die moontlikheid word ook geopper dat Namibia 'n nuwe tuiste kan word vir wit gewetensbeswaardes uit Suid-Afrika wat diensplig wil vryspring. Die ANC was nog altyd baie aktief by die anti-diensplig-veldtog betrokke en het dienspligtige jong mans gehelp om in veral Europa uit te kom.

Namibia is 'n baie beter alternatief omdat dit nader is en die land geskoolde arbeid nodig het.

## SA se besige galg

NOG vier mense is vandeesweek in Suid-Afrika gehang en 'n vyfde word vanoggend in Windhoek tereggestel. Dit bring mee dat dertien mense in die afgelope vyftien dae in Suid-Afrika gehang is.

Regslui vir Menseregte sê in 'n verklaring dat dit 'n dramatiese toename is nadat net 21 mense in die eerste 104 dae tereggestel is.

"Wat veral ontstellend is, is dat dit saamgaan met die onlangse toename in doodstrafvonnisse. 'n Mens kan nie anders nie as om die afleiding te maak dat die lot van 'n veroordeelde in die dodeselle afhang van die noodsaaklikheid om plek te maak vir ander," sê die direkteur van Regslui vir Menseregte, Brain Currin.

"Wat word van geregtigheid wanneer een gevangene se straf afhang van die vonnis wat 'n ander gevangene kry?" vra Currin in sy verklaring.

In die afgelope twee weke is veertien mense in Upington en twaalf in die Ciskei op een slag ter dood veroordeel.

## Slabbert steeds Demokrate se man

**Elsabé Wessels**

'N HERNIEUDE poging om dr Frederik van Zyl Slabbert te oortuig om homself as DP-kandidaat in Stellenbosch te stel, word nou deur die DP gevoer.

In DP-kringe word beweer dat Slabbert tog oortuig moet word om in dié sleutelkiesafdeling te staan.

DP-leiers en woordvoerders was dié week merkbaar kortaf oor Slabbert se verklaring dat hy die Stellenbosch-kandidatuur van die hand wys. Slabbert, wat 'n kort verklaring vanuit die buiteland uitgereik het, was met sy terugkeer dié week, volgens sy sekretaresse, nie bereid om met die pers te praat nie.

Nie Wynand Malan, medeleier van die DP, of dr Esther Lategan, DP-leier op Stellenbosch, was bereid om kommentaar op Slabbert se aankondiging te lewer nie.

"Ons het nuwe onderhandelinge begin," het Lategan gesê. Sy was nie bereid om enigsins name te noem nie. Lategan het beweer dat die "onvanpaste hoë publisiteit" wat Slabbert se voorgestelde nominasie geniet het, onderhandelinge tussen Slabbert en die DP verongeluk het.

In 'n bondige verklaring het Slabbert gesê dat hy "na versigtige en ernstige oorweging tot die slotsom gekom het dat die tyd nie ryp is vir hom om terug te keer na parlementêre politiek nie." In die verklaring het hy gesê hy moedig Stellenbosse studente aan om die DP in die verkiesing te steun.

'n DP-bron beweer dat Slabbert se besluit gemotiveer is deur vertoë uit sekere buite-parlementêre kringe. Hoewel dié groepe nie in beginsel teen die DP gekant is nie, word Slabbert beskou as 'n "simbool van die buiteparlementêre beweging.

DP-lede op Stellenbosch beweer dat Slabbert se besluit om nie te staan nie verligting onder Nasionaliste op Stellenbosch gebring het. Slabbert se moontlike kandidatuur het "paniek" onder die NP gesaai, het DP-lede gesê.

## Gedenkdiens vir Bopape

'N GEDENKDIENS vir die verdwene Stanza Bopape word Sondag 1.30 nm by die YMCA in Mamelodi gehou. 'n Aantal vooraanstaande sprekers sal optree, en lede van die internasionale diplomatieke korps sal teenwoordig wees, het die Stanza Bopape-ondersteuningskomitee in 'n persverklaring gesê.

Bopape, eertydse algemene sekretaris van die Mamelodi Civic Association, het verlede jaar verdwyn nadat hy deur die veiligheidspolisie in hegtenis geneem is.

Volgens die polisie het hy op 12 Junie 1988 ontsnap, maar niemand het hom ooit weer gesien, of van hom gehoor nie.

## Duisende gaan wegbly op 16 Junie

DUISENDE swart werkers dwarsoor Suid-Afrika gaan op 16 Junie van die werk af wegbly. In meeste gevalle is ooreenkomste tussen vakbonde en werkgewers bereik waarvolgens dié dag as 'n betaalde vakansiedag aanvaar word.

Volgens 'n woordvoerder van die Instituut vir Nywerheidsbetrekkinge is daar minstens 161 maatskappye wat hul swart werkers op 16 Junie 'n betaalde vakansiedag gee. In sommige gevalle is ooreengekom om Stigtersdag (30 April) vir Sowetodag te ruil.

## SAUK sensor Idasa kwaai

Die uitvoerende direkteur van die Instituut vir 'n Demokratiese Alternatief in Suid-Afrika (Idasa), dr Alex Boraine, het vandeesweek sy "ontsteltenis" uitgespreek oor die manier waarop die SAUK 'n onderhoud met hom oor die aktiwiteite en doelstellings van die instituut gesny en gesensor het.

Die SAUK se senior direkteur van nuus, Sakkie Burger, het gesê hy hoop die onderhoud wat Woensdag uitgesaai is - sal aanvaar word as 'n voorbeeld van die SAUK se opregte bedoelings. - Sapa



# Where is Stanza Bopape?

Stanza Bopape, General Secretary of the Mamelodi Civic Association, was detained by the South African Police on June 9, 1988 in terms of section 29 of the Internal Security Act. The police say that he escaped from custody while being transported to Vereeniging at approximately midnight on 12 June 1988.

According to the police, he was accompanied on this trip by three armed policemen, and was in leg-irons and hand-cuffs at the time of his escape. The police say their vehicle had a puncture en route and while all three policemen were changing the tyre, Stanza found their keys, unlocked his shackles, got out of the car and escaped.

The police informed Stanza's lawyers of this escape only three weeks later. The police did not inform his family. In that month no one associated with Stanza reported any sign of him or any evidence of a police investigation into Stanza's escape. Since then no friend, relative or colleague has seen or heard from Stanza.

Mr Vlok, then Minister of Law and Order, has accepted and relayed the police version of Stanza's escape to Stanza's father, Mr Matome Bopape. Mr Vlok had explained the events surrounding the escape by saying that the policemen concerned were "tired". The minister further suggested that Stanza may have joined the ANC.

In February 1989 Mr Matome Bopape and his attorneys went to Lusaka to question the ANC about Stanza. The ANC confirmed they had no record of him, and that they had made a thorough search of refugee and other camps, to no avail.

It is now one year since Stanza Bopape was detained. Three unidentified members of the Security Branch of the South African Police were the last people to see him alive. His family, friends and colleagues continue to search for him, but they fear he may have died while in police custody.

Until we have any other information we must hold the police responsible for him.

**If you have seen Stanza please contact: Cric c/o P.O. Box 30894 Braamfontein 2017**

**This advertisement is endorsed by the following organisations and individuals:**

Individuals: Rev Allan Boesak, Dr Alex Boraine, Geoff Budlender, Rev Frank Chikane, Keith Coleman, The Cric Board of Trustees: Laloo Chiba, Prof I Mohamed, Rev Beyers Naudé, Albertina Sisulu, Peter Mokaba; Achmat Dangor, Sheena Duncan, Maggie Friedman, Prof Jakes Gerwel, Norman Manoim, Moses Mayekiso, Adv Mathole Motshelega, Krish Naidoo, Kuben Pillay, Dick Koopasammy, Crystal Cambanis, Caroline Heaton-Nicholls, Barbara Sudano, Mosheen Moosa, Mandla Ndwandwe, Fr Smangalisa Mkhatshwa, Dr Ntatho Motlana, Dr Abbey Nkomo, Fr Albert Nolan, Dullah Omar, Dr Max Price, Deborah Posel, Dr Nico Smith, Jan van Eck (MP), Dr Frederik van Zyl Slabbert, David Webster (David endorsed this advert before his assasination)

Organisations: Actstop, Alexandra Action Committee, Alexandra Health Centre, Anti-Censorship Action Group, Association of Democratic Journalists, Atteridgeville Saulsville Resident's Organisation, Black Sash, Black Sudents' Interim Committee, Cape Teachers' Professional Association, Community Agency for Social Enquiry, Concerned Social Workers, Congress of Traditional Leaders, Congress of South African Trade Unions (Cosatu) and the following affiliates: Cawu, Ccawusa, CWIU, Fawu, Nehawu, NUM, Numsa, Potwa, Ppawu, Sadwu, Samwu, Sarhwu, T&GWU, NUWCC; Critical Health, Detainees' Aid Centre, Federation of Transvaal Women, Human Rights Commission, Institute of Contextual Theology, Institute for a Democratic Alternative in South Africa, International Labour Research and Information Group, Kagiso Trust, Johannesburg Youth Congress, Johannesburg Democratic Action Committee, Labour and Economic Research Centre, Learn and Teach, Mamelodi Youth Organisation, National Association of Democratic Lawyers (Pretoria and districts), National Medical and Dental Association, National Youth Working Committee, Natal Indian Congress, Nusas, Organisation for Appropriate Social Services in South Africa, Planact, People Opposing Women Abuse, South African Catholic Bishop's Conference; South African Council of Churches; Sached; South African Health Workers Congress, Styco, Transvaal Rural Action Committee, Saldru, South African Musicians' Alliance, Trade Union Research Project, Transvaal Indian Congress, Turret Correspondence College, Satisco, Union of Democratic University Staff Associations, Young Christian Students, and a large number of other organisations who were unable to respond by the time of going to press.

**Issued by the Mamelodi Civic Association and the Community Resource and Information Centre**

# Een duisend dae - en die nood groei

VANDAG, 1 093 dae gelede, het Staatspresident PW Botha ingevolge Proklamasie R95 'n stel maatreëls afgekondig wat Suid-Afrika ingrypend verander het.

Op daardie dag is die regsoewereiniteit in Suid-Afrika gedeeltelik opgeskort en met 'n stel noodmaatreëls vervang wat gewoonlik net in oorlogstye toegepas word.

Die drie jaar wat gevolg het, is gekenmerk deur die aanhouding van duisende anti-apartheidsaktiviste, die inperking van individue en organisasies, die pers wat aan bande gelê is en buitengewone magte wat aan lede van die veiligheidsmagte gegee is.

Botha het op 12 Junie 1986 'n noodtoestand verklaar en gesê hy doen dit omdat daar omstandighede in die land ontstaan het wat die veiligheid van die breë publiek bedreig en die handhawing van wet en orde ondermyn.

Gewone wette het ontoereikend geword om wet en orde te handhaaf.

Die noodtoestand het begin met 1 000 aktiviste wat met dagbreek in klopjagte in hegtenis geneem en onder die nuwe maatreëls aangehou is.

**Die "noodtoestand" is dié week drie jaar oud. Alles dui daarop dat dit vir 'n vierde termyn ingestel gaan word. Die noodtoestand het die afgelope drie jaar verreikende gevolge vir Suid-Afrika gehad. Duisende mense is sonder verhoor aangehou, organisasies ingeperk en die pers aan bande gelê. Die afgelope drie jaar was die land onderworpe aan 'n stel maatreëls wat gewoonlik net in oorlogstye toegepas word. JACQUES PAUW doen verslag**

### Wanorde

Die eerste week van die noodtoestand is gekenmerk deur wanorde en onsekerheid. Die rand het tot 36 Amerikaanse sent geval, 'n klomp buitelandse joernaliste en geestelikes is uit die land geskop, koerante het geworstel met ingewikkelde wetlike vereistes, en talle families het verlore kinders begin aanmeld...

Drie jaar later, drie jaar van 'n noodtoestand. Drie jaar van 'n regering wat sy buitengewone magte ten volle gebruik het. Drie jaar van onderdrukking, aanhouding, inperking.

Wat het in die drie jaar gebeur?

Van 1948 tot 1987 het die regering 24 organisasies verban.

Maar in 1988 alleen is 32 organisasies ingeperk. Sodoende is hulle verbied om aan enige "politieke" bedrywighede deel te neem.

Volgens onlangse navorsing deur die Universiteit van Natal is 4 012 mense sedert September 1984 in onrusvoorvalle dood. Meer as die helfte hiervan is dood sedert die instelling van die noodtoestand. Hiervan is 1 113 deur die Veiligheidsmagte gedood en 1 848 in interne- en faksiegevegte.

Die Kommissie vir Menseregte bereken dat sowat 35 000 mense onder die noodmaatreëls aangehou is.

### Geen reg

Onder die maatreëls het 'n lid van die veiligheidsmagte die reg om iemand aan te hou en te ondervra. Só 'n aangehoudende het geen vanselfsprekende reg tot 'n prokureur nie, en mag vir die duur van die noodtoestand aangehou word.

Volgens die Kommissie is 'n kwart van die aangehoudendes ten minste twee jaar lank aangehou, en sowat 'n vyfde vir minstens 'n jaar.

Ná die suksesvolle eetstaking aan die begin van die jaar is die regering gedwing om sowat 900 aangehoudendes vry te laat. In die meeste gevalle is, uiters, streng inperkmaatreëls op die mense geplaas wat vrygelaat is.

Na raming is sowat 90 persent van die aangehoudendes se inperkmaatreëls van só 'n aard dat dit neerkom op huisarres. Hulle is ná vrylating tot 'n bepaalde landdrosdistrik beperk en verbied om in die teenwoordigheid van meer as tien mense te wees. Sommige moet twee keer per dag by 'n polisiekantoor aanmeld.

Ingrypende beperkings is op die media geplaas. Die minister van Binnelandse Sake het die mag gekry om enige koerant vir drie maande te sluit of 'n sensor aan te stel indien die publikasie na sy mening 'n bedreiging vir die openbare orde en veiligheid inhou, of die beëindiging van die noodtoestand vertraag.

Die regering het die noodtoestand ingestel om die geweld in die townships te beëindig en om 'n vreedsame klimaat vir hervorming te skep.

### Geslaag?

Was dit geslaag?

Nee, sê talle anti-apartheidsbewegings, menseregte-organisasies en politieke waarnemers.

Hoewel die grusame halssnoermoorde verdwyn en geweld in die res van die land bedaar het, was die regering nie in staat om die groeiende getal ANC- en PAC-aanslae te keer nie. In 1984 was daar 44 aanvalle vergeleke met 230 aanvalle in 1986, 234 in 1987 en 280 aanvalle in 1988.

Wat die vreedsame klimaat vir hervorming betref, het nog nie een gerespekteerde swart leier na vore gekom om in die Nasionale Raad te dien nie. Die stempersentasie in verlede jaar se munisipale verkiesing was slegs sowat veertien persent - ondanks 'n publisiteitsveldtog van R4,7 miljoen.

Ja, dit het vrugte afgewerp, sê die Buro vir Inligting. Geweld het drasties afgeneem en die noodtoestand het sosio-ekonomiese en politieke hervorming aangehelp.

Die Buro sê wat onrusvoorvalle betref, was daar verlede jaar 'n afname van 79 persent vergeleke met 1986. Sterftes het met 58 persent gedaal en die getal beseerdes met 71 persent.

Daarmee saam funksioneer 91 persent van alle swart plaaslike owerhede en skoolbywoning is 80 persent.

Dit lyk dus of die noodtoestand sekere van Botha se probleme opgelos het. Dit het hom egter met 'n reeks nuwes opgesaal: sanksies, stygende werkloosheid, huur- en verbruikersboikotte en toenemende internasionale isolasie.




**'n Lid van die Black Sash teken stil protes aan teen die noodtoestand**
*Foto: Eric Miller /Afrapix*

### Drie fases

Witmense sal seker nooit kan besef wat die noodmaatreëls werklik aan ons gemeenskap gedoen het nie, sê 'n vooraanstaande swart aktivis.

Hy deel die noodtoestand in drie fases op:

Eerstens was daar die tydperk Junie 1986 tot Junie 1987 toe die regering met alle mag in die townships toegeslaan het om swart aktivisme te onderdruk.

"Hulle wou van die bevolking pasifiste maak. Die mense moes besef en aanvaar dat die Staat só magtig is dat dit nie die moeite werd is om die prys vir teenstand te betaal nie.

"Hierna het hulle die leierskap van die breë versetfront, veral die UDF en Cosatu, gevang en aangehou. Gewone gemeenskapsorganisasies is leierloos gelaat. In dié atmosfeer het die regering sy swart plaaslike owerhede wat tussen 1984 en 1986 vernietig is, weer herstel."

En dit het die tweede fase ingelei van Junie 1987 tot Oktober 1988. Die swart aktiviste was leierloos, swart owerhede het weer funksioneer en geweld het afgeneem.

"'n Vakuum is in die townships geskep. Die mense was ontnugter, onseker en moedeloos. Die versetfront is van die massas verwyder. Dis toe wat die regering begin het om die harte en siele van ons mense te probeer wen.

"Swart owerhede het nuwe magte gekry. Vir elke politieke ontwikkeling het hulle die krediet gekry. Die owerhede moes die boustene vir 'n nasionale politieke oplossing word.

"Daarteenoor kon die versetfront geen vergaderings hou nie, hy kon nie uitsprake maak of die regering kritiseer nie. Boonop het die mediaregulasies gesorg dat hy ver uit die hoofstroompolitiek wegbly."

Maar toe breek die laaste fase aan met die munisipale verkiesings verlede jaar.

"Die regering het gemeen dat die versetfront só verslaan en verdeel is dat nuwe leiers na vore sou kom wat bereid sou wees om met die regering te onderhandel.

"Maar die lae stempersentasie het gewys dat die politieke bewussyn van ons mense baie hoog gebly het. Die regering mag ons inperk en ons strukture vernietig, maar die gees van ons ondersteuners bly sterk.

"Ek verwag dat die nuwe noodtoestand 'n verdere era van hervorming sal inlui en die regering opnuut sal probeer om leiers vir sy Nasionale Raad te kry. Ons sal ingeperk en gesnoer bly."

### Kommuniste

Hoewel die noodtoestand 'n belangrike rol gespeel het om die lewenswyse in die townships in 'n groot mate na normaliteit te laat terugkeer, is die proses ver van verby.

Só sê die minister van Wet en Orde, Adriaan Vlok, op die vooraand van die hernuwing van die noodtoestand.

Vlok sê dit sal nog "baie tyd en werk" neem om die "proses van stabilisasie en normalisasie" te voltooi. Die revolusionêre klimaat is steeds baie hoog en die kommunistiese vyande van die land werp steeds alles in die stryd om 'n klaslose kommunistiese staat tot stand te bring.

"Die mense wat die onrus begin het en dit aan die gang gehou het, is steeds in die land. Ongelukkig is meeste van hulle nie voornemens om dit te staak nie. Dit is dié radikale aktiviste en hul ondersteuners wat verantwoordelik gehou moet word vir die noodtoestand," sê Vlok.

Die noodtoestand maak onderhandeling en uiteindelik hervorming vir die regering onmoontlik, sê Wynand Malan, mede-leier van die Demokratiese Party.

### Onnosel

"'n Mens kan nie onderhandel terwyl jou eerstevlak-leiers ingeperk of in die tronk sit nie. Die regering is óf onnosel en besef dit nie, óf doen dit berekend.

Dit lyk vir my na laasgenoemde. Hulle kán nie onderhandel nie, en hulle wil ook nie onderhandel nie.

"Die gevaar van die noodtoestand is dat dit die indruk by swartmense skep dat geweld uiteindelik die enigste manier van politieke verandering is. Die ANC se gewapende stryd kry nou meer legitimiteit.

"Die noodtoestand en die gepaardgaande verbod op die vloei van inligting het witmense die afgelope drie jaar in 'n droomparadys laat leef. Hulle is totaal onkundig en oningelig oor wat regtig in die townships gebeur.


"Dit mag wees dat die noodtoestand inderdaad lewens gespaar het, maar daar is 'n beter manier en dit is deur onderhandelings. Maar vir die regering was dit 'n plaasvervanger vir sy onvermoë om te onderhandel.

Hulle het nie die vermoë om anders te dink as bloot onderdrukkend nie.

"'n Nuwe noodtoestand gaan die druk verder laat toeneem en die potensiaal vir revolusie vergroot. Swartmense gaan vra: wat bly daar vir ons anders oor as geweld?" het Malan gesê.

## Nasionale Parkeraad kan R10 miljoen verloor

# 'Wêreldwye ivoorverbod sal olifant nie red nie'



**Jacques Pauw**

DIE beoogde wêreldwye verbod teen die handel in ivoor kan die Nasionale Parkeraad se inkomste ernstig knou. Daarby is dit te betwyfel of die verbod wilddiewe gaan keer om die olifantbevolking van Afrika verder te verminder.

Só sê Rob Soutter, direkteur van die SA Natuurstigting op Stellenbosch. Hy het kommentaar gelewer op 'n sterk moontlikheid dat die handel in ivoor van Januarie volgende jaar af wêreldwyd verbied gaan word.

Dit volg ná versoeke deur die Worldwide Fund for Nature (WWF) dat olifante op die lys van die mees bedreigde spesies geplaas moet word. Dit sal die handel in olifantdele heeltemal verbied. Dié lys word deur 102 lande onderskryf.

George Bush van Amerika het sy ondersteuning vir die projek gegee en gesê sy administrasie gaan 'n verbod plaas op die invoer van ivoor uit Afrika.

Terselfdertyd het Frankryk en Wes-Duitsland die invoer van ivoor verbied. Die Europese Ekonomiese Gemeenskap (EEG) sal na verwagting volgende week ook maatreëls aankondig om die olifant te probeer red.

Soutter het in sy kommentaar gesê die Natuurstigting verwelkom die verbod, maar dat dit ongelukkig nie die olifant gaan red nie. 'n Wêreldwye verbod op die handel van renosterhoring het nie verhoed dat dié dier nou op die rand van uitwissing staan nie.

Volgens Soutter was daar in 1970 nog 2,5 miljoen olifante in Afrika. Tien jaar later was daar 1,3 miljoen, in 1987 het die getalle gedaal tot 700 000 en tans is daar sowat 500 000 olifante oor.

Suid-Afrika en Zimbabwe is die enigste lande in Afrika met 'n konstante olifantbevolking wat uitgedun moet word om getalle te handhaaf.

"Die verbod sal Suid-Afrika op verskillende wyses raak. Die Nasionale Parkeraad maak jaarliks sowat R10 miljoen wins met die uitvoer van ivoor uit die olifante wat veral in die Krugerwildtuin uitgedun moet word.

Dit verteenwoordig tien persent van die Parkeraad se begroting. Hulle sal die geld nou uit ander bronne moet kry.

"Verder word dit wyd beweer, en ek dink dit is geregverdig, dat Suid-Afrika gebruik word om onwettige ivoor na die buiteland uit te voer. Die verbod is ook daarop ingestel om versendlyne te ontbloot en Suid-Afrika kan in 'n verleentheid beland," sê Soutter.

Volgens die WWF beloop die wêreldwye handel in ivoor sowat R1 200 miljoen per jaar. Dit beteken die dood van sowat 70 000 olifante. In sommige streke is olifantbulle, wat die langste tande het, só uigeroei dat hulle net vyf persent van die olifantbevolking uitmaak.

Sowat 85 persent van alle onverwerkte ivoor word uitgevoer na Japan en Hongkong. Amerika voer op sy beurt weer sowat dertig persent van die verwerkte ivoor uit die Ooste in.

Die meeste lande in sentraal-Afrika - Somalië, Tanzanië, Kenia, Zaïre en Uganda - is besig met noodmaatreëls om onwettige jag te probeer keer. Volgens Soutter het die lande eenvoudig nie die geld of opgeleide mannekrag om behoorlike patrolliewerk te doen nie.

Brittanje het pas aangekondig dat hy van sy beroemde SAS-troepe na Kenia gaan stuur om natuurgebiede te patrolleer en as teenvoeter vir die swaargewapende Somali-wilddiewe te dien.

"Ons grootste probleem bly Asië en die Ooste, wat beide ivoor en renosterhoring betref.

"Daar moet aan die mense verduidelik word wat se skade hulle aan die natuur aanrig.

"Indien Amerika die invoer van ivoor stop, word dertig persent van die Ooste se mark hom ontneem. Dit kan help om die aanvraag na ivoor te laat daal. Die smokkelhandel sal egter bly voortbestaan," sê Soutter.

## Bepaling kan nou beveg word

HONDERDE ingeperktes wat onder die noodmaatreëls aangehou is, kan nou 'n bepaling in hul inperkmaatreëls beveg na 'n Appèlhofuitspraak.

Regter JA Hoexter het vandeesweek beslis dat die bepaling wat ds Abraham Visagie, 'n NG-leraar, verhoed om enige vergaderings of byeenkomste by te woon waar die regering gekritiseer word, onwettig is.

'n Reeks inperkmaatreëls is op Visagie geplaas nadat hy in Augustus 1986 uit aanhouding vrygelaat is.

Regter Hoexter het beslis dat die bepaling 'n drastiese inperking van Visagie se reg op vryheid van assosiasie en uitdrukking is.

Hy meen die minister van Wet en Orde het buite sy wetlike magte opgetree toe hy die beperking ingestel het.

Honderde mense wat onlangs uit aanhouding vrygelaat is, word op 'n soortgelyke wyse ingeperk. Dié uitspraak stel hulle in staat om dit te beveg. - ANA

# Polisie lê beslag op Kultuur in ander SA

**Victor Munnik**

HY gaan die polisie aanhou pla totdat hulle sy boeke teruggee sodat hy dit kan versprei, sê uitgewer David Philip oor die konfiskering van Culture in Another South Africa.

Die boek gaan oor die historiese Amsterdamse Casa-konferensie in 1987, waar Suid-Afrikaanse weerstandskultuur gevier is met bydraes uit die Suid-Afrikaanse musiek, film, kuns, fotografie, teater en letterkunde.

Kapt R Bloomberg van die SA Polisie se Openbare Betrekkinge, het gesê beslag is op Culture in Another South Africa gelê omdat "verskeie gelyste persone na bewering daarin aangehaal word".

David Philip sê die publiek het die boek nodig en hulle wil dit lees.

"As die regering se onlangse uitsprake oor Groot Indaba ernstig opgeneem kan word, moet ons meer, en nie minder nie, weet van die ander mense wat om die onderhandelingstafel gaan sit," sê hy.

Die boek is die afgelope paar dae landswyd deur die polisie gekonfiskeer onder die Wet op Binnelandse Veiligheid. Die boeke bly in die polisie se besite totdat die Prokureur-Generaal 'n besluit geneem het, maar die besit daarvan is nie onwettig nie.

Culture in Another South Africa is saamgestel deur Willem Campscher en Joost Divendal, uitgegee deur Zed Books in Londen, en word in Suid-Afrika versprei deur David Philip.

Die polisie-optrede is onder die aandag gebring van plaaslike en internasionale anti-sensuurorganisasies soos Index on Censorship, Amnestie Internasionaal en PEN.

* Taurus sukkel steeds om 200 boeke wat verlede jaar op soortgelyke wyse van die rak gehaal is, terug te kry.

Die boek, Die Trojaanse Perd deur Hein Willemse en Hans Pienaar, is 'n verslag oor die sogenaamde Trojan Horse-voorval in die Kaap.

Volgens Tienie du Plessis van Taurus probeer Taurus nog steeds om die sowat 200 kopieë waarop beslag gelê is, terug te kry. Kapt Bloomberg het gesê Die Trojaanse Perd is "nie ongewens nie, met voorwaardes. Dit word teruggegee aan die verspreiders, wat dit nou mag

IDASA

Dr Frederik van Zyl Slabbert en Enos Mabuza lewer verslag oor 'n besoek aan die Sowjet-Unie

Datum: 13 Junie 1989
Tyd: 8.00nm tot 10nm
Plek: Franklin D Roosevelt-skool Mendelssohnweg Roosevelt Park Johannesburg
Navrae Tel (011) 403 3580

Noodtoestand

Wie moet teen wie beskerm word?
Watter "...omstandighede het in die Republiek tot stand gekom, wat die veiligheid van die publiek en die handhawing van orde ondermyn..."?
Aanhoudings, beperkings, die lys van mense, uitsettings, inbeslagneming en opskorting van publikasies, verminkings, moorde, dagvaardigings, hoogverraad verhore..?
Hoe kan ons nog stil bly?

Die Anti Censorship Action Group (ACAG) eis die afskaffing van alle onderdrukkende maatreëls wat daarop gemik is om demokratiese meningsverskille uit te wis.

Anti Censorship Action Group

## Ouer-kind verhoudings bevorder

Die Johannesburgse Kinderhuis bied 'n program aan om effektiewe ouer-kind verhoudings te bevorder.

Die Step-program (Systematic Training for Effective Parenting) sal vanaf Maandag 31 Julie vir agt weke aangebied word. Die program bied 'n praktiese benadering tot ouer-kind verhoudings aan.

Ouers wat belang stel moet Joan Rubenstein of Cheryl Lyons so gou as moontlik skakel vir verdere inligting by (011) 648-1120/1/2.

# LAAT DIE MENSE PRAAT!

## Shell doen 'n dringende beroep op die regering om:

1. Die Noodtoestand te beëindig
2. Alle politieke leiers vry te laat en inperkings op te hef
3. Beperkings op demokratiese organisasies te skrap
4. Vryheid van spraak te bevorder en aan te moedig

## LAAT
## 10 JUNIE
## DIE DEMOKRATIESE PROSES VRY MAAK

Vrye Weekblad

## Stellenbosch

DIE rektor van die Universiteit van Stellenbosch, professor Mike de Vries, is besig om eiehandig die naam van daardie geëerde instelling baie skade aan te doen.

Die skorsing van studente en organisasies wat vreedsaam op die kampus geprotesteer het en sy diktatoriale dekrete die laaste tyd hoort by 'n plattelandse skoolmeester van so dertig jaar gelede, nie by 'n trotse universiteit soos Stellenbosch nie.

Wat gaan die man volgende doen - die weermag of die onlustepolisie inroep? Kyk hoe goed het dié soort optrede teen studente in Beijing gewerk!

Baie denkende Suid-Afrikaners - en sekerlik die meeste oud-Maties - haal hul hoede af vir die studente wat bereid was om op te staan en beswaar te maak teen De Vries se verbod op 'n Afrikaanse musiekkonsert (wat, terloops, op een na by alle ander Afrikaanse kampusse toegelaat is) en vir die oopstelling van koshuise vir alle Maties.

Hoe is dit dat 'n man wat die titel "professor" voor sy naam skryf, geen begrip het daarvoor nie dat 'n universiteit by uitstek die bakermat van vrye spraak en denke behoort te wees?

Dit gaan nie hier oor of die betrokke studente en organisasies "reg" of "verkeerd" was in hul sieninge nie. Dit gaan daaroor dat De Vries vrye spraak outoritêr onderdruk en die vrye gees waarop Stellenbosch hom al dekades lank beroep, probeer vernietig.

Daar rus nou 'n plig op die gewone studente van Stellenbosch, ook dié wat nie polities saamstem met die geaffekteerde studente nie, om duidelik en reguit vir hul rektor te sê: Tot hier toe en nie verder nie. Stellenbosch is nie die plek vir 'n gefrustreerde despoot nie. Ons het die wisselwerking van alle menings op ons kampus nodig, want ons is nie meer op skool nie. Ons is besig om ons voor te berei vir 'n Suid-Afrika wat gans anders gaan wees as die een wat jy en jou geesgenote sedert 1948 vir ons geskep het.

Dié plig rus ook op die studenteraad, die verkose leiers van die studentekorps, en op die doserende personeel van die universiteit.

Of gaan die akademici gedweë in hul ivoortorinkies bly sit en wag vir die volgende salaristjekkie?

## Die doodstraf

Daar gaan nou kwalik 'n week verby of daar word berig van Suid-Afrikaners wat gehang is of ter dood veroordeel is. In twee hofsake die laaste twee weke is 26 mense ter dood veroordeel.

Ons wil ons standpunt weer duidelik stel: die doodstraf is 'n barbaarse praktyk. Dit is barbaars in die geval van die Upington 14 en die Mdantsane 12, en dit is barbaars in die geval van die rassemoordenaar Barend Strydom.

Ons hoop die regering gaan baie gou na die verantwoordelike raad uit regs- en kerkkringe luister om 'n moratorium op doodsvonnisse aan te kondig, die hele stelsel te laat ondersoek en dan af te skaf.

## So sê hulle . . .

"Ons het vertroue in ons eie krag gehad, en stap vir stap reggekom. So goed dat selfs Rina nie eens een van haar lang naels verloor het nie!" - Carike Keuzenkamp nadat sy en Rina Hugo 'n pap wiel omgeruil het.

"I won't mind white people moving in next to me, as long as they behave themselves and don't make a noise." - Fotograaf Peter Magubane.

"Ons optrede was bloot 'n reaksie op Nusas se uitdaging van gesag die afgelope tyd." - Werner Bok, 'n inwoner van Dagbreek op Stellenbosch, wat 'n Nusas-student in die ribbes geskop het.

"We have never thought much of Archbishop Tutu as a prophet" - Die Citizen

"Altyd 'n vreugde as die voordeur oopgaan en Richard met oop arms binnekom: `How are you, my dears?' Altyd 'n grappie, nooit bitterheid, nooit 'n kwade woord nie." - Elsa Joubert oor Richard Rive.

"Die regering sal egter voortgaan om die volledige feite te verskaf en uiteindelik tog die waarheid te laat seëvier." - Barend du Plessis oor die KP se "misleidende gebruik van syfers".

"Verandering is te belangrik om aan 'n regering oor te laat wie se hart nie daarin is nie" - John Kane-Brown van die Instituut vir Rasse-aangeleenthede.




# Ope brief aan Pik Botha

**Margot Pienaar of 8 Rushof, Kochstraat, Stellenbosch writes:**

Mr Pik Botha — As much as I respect your fine diplomatic skills (and I really mean that), I must take you up on one point. It is with regards to your remarks made on Network (Sat 27/5/89) that you told James Baker in response to a question about Sharpeville and Upington cases, that the South African government can't interfere with the judicial processes, and must let it run its natural course.

With all due respect, let's be realistic. We both know that's not true. The South African government can and does interfere with the normal judicial process every single day that it retains the Emergency regulations. The government is using the law and the court to entrench its position of power, and not to ensure the safety of the state. The government is tying the hands of the judges and is giving the law and the courts a bad name - as an instrument of repression.

Included in the definition of terrorism is the promotion of racial disharmony, yet Wit Wolf Barend Strydom was not prosecuted under that act. Although he no doubt would have received the same punishment, he wasn't given that stigma (apart from the judges obiter remarks). It does not take a genius to notice the discrepancy in a system that grants the basic procedural rights of any civilized country to dispicable criminals like rapists and murderers (as it well should do), yet denies them to people who are vaguely suspected of breaking very vague laws!

Statements such as referred to above, though agreeable from a diplomatic point of view, do not address the realities of the situation and portray a naive view of the crisis of legitimacy that the courts are perforce experiencing.

It is to be hoped that the highly disturbing state of affairs will not be perpetuated, and that if you do meet James Baker again you will be able to state this with conviction and pride, that the individual is once again being afforded the full protection of a free and independant judiciary.

**BRIEWE**

**Vrye Weekblad plaas alle briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Die redakteur behou die reg voor om briewe te verkort. Skryf aan: Die Redakteur, Vrye Weekblad, Posbus 42637, Fordsburg 2033.**

## 'n Nuwe vriend

**Simon M Buthelezi van Privaatsak X01, Mondeor 2110 skryf:**

Vrye Weekblad het my hart gewen.

Nadat ek matriekeksamen geslaag het, het ek nie meer Afrikaanstaal gepraat of lees nie. Ek het al my Afrikaans boeke verkoop en kies om met Engels te trou. Die rede daarvan is dat ek gepolitiseerd was en al wat Afrikaans klink, my vyand geword. Maar met die uitkom van Vrye Weekblad het ek 'n vriend gekry en dit het my gehelp om Afrikaans te leer lief. Ek vra enige Afrikaanssprekende om vir my te skryf en ek dink ons kan goeie vriende maak.

(Brief onveranderd)

## Struggle eerder as stry

**WH van Staden van Pretoria skryf:**

Ek wil graag my misnoë uitspreek met die manier waarop die woord "Afrikaner" telkens onder ons uitgehijack word. Sekere mense is geneig om sonder voorbehoud almal wat Afrikaans praat as deel van hulle patetiese opdiepingstryd na die verlede en as vanselfsprekende aanspraakmakers op 'n sogenaamde "soewereine blanke woongebied" te beskou.

Wel, waarde here van die Boerevolk, ek is 'n Afrikaner omdat ek in 'n Afrikaanse huis grootgeword het. Ek het deeglik kennis geneem van die Afrikaner se verlede, (dit is so te sê in my keel afgedruk) en hoewel ek onlosmaakbaar deel is daarvan, is ek nie trots op my hardekop voorouers en hulle "1948 parlement"-kultuur nie.

Ek, as jong Afrikaner, is wel besorg oor wat die toekoms vir my inhou - en ek weet ek is nie die enigste een nie. (Dankie Vrye Weekblad)

Ek, en duisende ander jong nouveau-Afrikaners, verag die dade van sekere Afrikaners. Vanaf Strydom, Verwoerd, en Vorster wat die "briljante" apartheid-bloudruk geskep en verdaad het, tot by die hedendaagses soos ET, Carel Boshoff en Marie van Zyl met haar laerskool kappie-bende, wat die ideologie en flop genaamd apartheid steeds ophemel en "verglitter". Sy Royal Highness homself sukkel klaarblyklik (elf jaar lank al) om weg te doen met die skaamte van die Republiek (?).

Dit wil vir my voorkom of die gelisensieerde patent (apartheid) nie regtig werk nie. Ek sou sê dat ons ons eerder op die toekoms moet toespits. Miskien kan ons iets skep vir ons kleinkinders om op trots te wees - 'n Nuwe Suid-Afrika waar 'n mens self kan besluit waar jy wil bly, skoolgaan en piekniek hou, en waar 'n mens jou eie godgegewe intellek en integriteit kan gebruik deur te lees, te luister, te skryf en te sê wat jy wil. En nou verwys ek na ALMAL wat dié land help bou het.

Ek glo Suid-Afrika het die potensiaal om een van die wêreld se beste voorbeelde van integrasie te lewer - om aan die res van die wêreld iets anders as net die woord "apartheid" te leer.

Maar dan het ons 'n regering nodig wat saam met ons daaraan werk - en nie een, soos nou, vir wie ons moet werk nie. Ons gaan dit regkry om as een volk met baie kulture saam te werk, want die verlede wys apartheid werk nie.

Ons gaan dit regkry, want die toekoms behoort aan ons, en ons "struggle" eerder vir 'n toekoms as wat ons stry vir die verlede.

(Brief effens verkort).

## Regse leesstof in Hoofstad

**JP van Vuuren van Pretoria skryf:**

Ek merk in die Openbare Biblioteek in Pretoria, wat beheer word deur die Pretoriase Stadsraad - wat weinig verskil met dié van Boksburg en Carletonville - dat in die "Slegs Blankes"-leeskamer daar verskeie verregse publikasies te lese is, onder meer die HNP se Afrikaner, die KP se Patriot, die Aida Parker-nuusbriewe en die South African Observer.

Wat opvallend is, is die afwesigheid van Vrye Weekblad, net soos ek voorheen tevergeefs gesoek het na die destydse PFP se Progress. Is u bewus van die diskriminasie teen u blad?

'n Laaste woordjie oor Pretoria se stadsraad, hulle heroorweeg glo hulle beleid om die verkeerskonstabels aan te hits om jong, swart groente- en vrugtehandelaars se produkte op die sypaadjies uit mekaar te skop, te konfiskeer en in 'n pakkamer in Boomstraat te laat lê en vrot. Dit rym gewis nie met die Groot Krokodil se oproep van 'n paar maande gelede om eenmanbesighede en vrye entrepreneurskap te bevorder nie.

*Na bladsy 18*

# Ontmoet Andries, Wêreldreisiger, en Roelof, Kampvegter vir Vrye Spraak!

Brolloks

DAREM wonderbaarlik wat 'n verkiesing aan politici kan doen.

Eers gaan blaas Andries Treurnicht sy party se geld op 'n sinnelose Europese toer waar geen selfrespekterende politikus dood saam met hom gesien wil word nie. Want sien, FW is mos genooi om later Downingstraat 10 en die Withuis te besoek, en Andries moet ook wys hy is 'n man van die wêreld.

En toe sê die Franse Andries mag maar kom, maar hy mag niks sê nie. Dis net waar onse Pik sy ridderspak aantrek en op sy wit perd klim. Volgens die Franse nuusagentskap het Pik amptelik beswaar gemaak teen die beperkinge op Andries, want "hy ondersteun die reg van elke Suid-Afrikaanse party tot vrye spraak enige plek in die wêreld"!

* Wat is volgende? Eugene Terre'Blanche wat Iran toe gaan en godsdiensvryheid bepleit?

### Sendeling


Gepraat van die Groot Karwats. Meegaande spotprent van Terre'Blanche het verskyn in die Londense Times by 'n rubriek van Bernard Levin met die opskrif "Assuming the visionary position" waarin hy dit het oor hoe politieke fanatici oral in die wêreld so maklik in seksskandale betrokke raak.

Vergewe die Engels, maar hier is 'n paar grepies uit die artikel:

"Mind you, from the photographs of the Führerkin that I have seen, he seems to have suspiciously pointed ears; I wouldn't half laugh if it turned out that he had a touch of the tarbrush."

Levin skryf dat die patroon met fanatiese organisasies is dat hulle ná 'n skandaal in kleiner groepies opbreek. "South African standards in these matters are naturally more extreme than elsewhere, and the upshot will be that where there was one organization of kaffir bashers, singing a hideous but reasonably united song, there will now be six, each determined to shout all the others down. Good; noisy, but good."

* Net soos dit toe ook hier gebeur het. Ag shame, Eugene, julle is nie eens oorspronklik nie!



### 'n Goeie voorbeeld

Die nuus uit Moskou is dat die Sowjetpremier, Nikolai Ryzhkov, aangekondig het dat die Sowjet-regering sy militêre begroting met byna die helfte gaan sny. Só sal hulle omtrent 130 biljoen rand spaar.

* Magnus, as die gevaarlike Rooi Beer dit kan doen, kan ons ook seker?

### Die geld praat

Te pikant die skielike veldtog wat Beeld teen die SAUK en sy sensuur voer. Nogal oulike artikels, Brolloks wonder net wat sit daaragter?

* Kan dit orders wees van Nasionale Pers-grootbaas Ton Vosloo, ook M-Net se grootbaas, uit wraak vir die oop tyd wat die SAUK van M-Net ontneem het?

### Ontmoet jou kandidaat....

AS daar nou een kandidaat in die verkiesing is wat 'n boks vol geraamtes het, is dit daardie berugte ver-regse prediker van Bronkhorstspruit, dr Hennie Senekal.

Brolloks het hom deur die jare leer ken as 'n man vol rassehaat wat hom beywer vir 'n spierwit kerk en 'n nóg witter Suid-Afrika.

En raai, raai waar slaan hy nou skielik uit. As kandidaat vir die Nasionale Party op Delmas!

As daar nou een is wat gelóóp gaan word oor sy verlede, is dit die heer Senekal. En as sy nominasie 'n set van die NP is om KP's te probeer oorbie, gaan dit misluk.

Luister net na die dinge wat hy in die vroeë tagtigs van die NG-kansel af gesê het:

* As die kerk voortgaan om teen dié trant te integreer, moet blankes maar hul eie garagedienste begin hou en kan die blanke kerk aan die swartes gegee word.

* Laat ons met ons misplaaste liefde vir gekleurdes nie die Woord van God uit die oog verloor nie.

* Die ontugwet kan net verbeter word as dit verbreed word om ander rassegroepe ook in te sluit.

* Christenskap beteken nie om mekaar om die nek te vat en in een kerk te aanbid nie.

Senekal was in daardie stadium 'n kommandokapelaan en het gesê al sou sy eie eenheid 'n kerkparade hou wat gekleurdes insluit, hy dit nie sal lei nie. Selfs buite in die veld sal hy eers 'n diens vir blankes hou en daarna een vir Kleurlinge.

Hy was ook een van drie NG-predikante wat 'n drukgroep gestig het om verandering op kleurgebied teen te staan. Hulle het gesê: "Dit is duidelik dat die massa lidmate inherent allergies is vir die integrasiepolitiek wat op kerklike akker en ook nou op volksakker vrugbaar gedruk word."

Oor die NG-Kerk se voortgesette lidmaatskap van die Wêreldbond vir Gereformeerde Kerke het Senekal gesê: "Laat ons wegbly uit die sinagoge van die duiwel waar ons belaster word."

Al wat Senekal tot dusver oor sy verlede gebieg het, was sy verbintenis met die verregse Aksie Eie Toekoms (AET). Luister net na dié verduideliking: "By wyse van analogie het ek egter spoedig vanuit die duisternis van die politieke woestyn waarin ek my in die AET bevind het, die lig binne die beleid en die beginsels van die Nasionale Party teruggevind en kan ek met grootse trots en oortuiging bevestig dat ek sedertdien reeds vir etlike jare 'n daadkragtige eksponent van die beleid en beginsels van die NP geword het."

* Boeta, as jy dink jy was tóé in 'n politieke woestyn! Wat van die DP volgende?

### Emmer water

Dan is daar die storie van die man wat sy vrou wou leer gholf speel. Hy staan agter haar met sy arms oor hare op die stok om die greep te verduidelik, toe hy agterkom sy gulp is oop. Met die terugzip vang hy sy vrou se rok in die ritssluier, en daar sit hulle.

Gelukkig bly hulle nie ver van die gholfbaan af nie, en hulle is toe bosse-langs so al agtermekaar op pad.

* Tot so twee huise van hulle s'n. Toe storm daar 'n boerboel op hulle af... en gooi 'n emmer water oor hulle uit!

# Demokratiese griep ontsien geen mens

VRINDE, Egbertus se beker loop oor. Van medlemon tot hot toddies, heksebrousels wat Miesies Klaagvoort maar net van haar voorvadergeeste kon bekom het.

Die griep speel oor hierdie gentle creature soos 'n vloedgolf, wat praat julle van 'n latter-day Noag. Nie 'n ou yuppie-griepie soos die waaraan Miesies Klaagvoort ly sedert sy besluit het om in die verkiesing teen Madam de Klerk te staan nie. Nee voorwaar, die Groot Griep van Egbertus is uit en uit demokraties, hy ontsien geen mens nie, ongeag ras of klas of die ander ding waaroor 'n mens nie in 'n gesinskoerant skryf nie.

Asof die doen en late van die virusbevolking nie genoeg is om 'n mens tot neerslagtigheid te stem nie, is daar nou nog boonop Sy Hoogdrawendheid Dr Buthelezi se manewales oor die vredesverdrag.




Kyk, dit maak 'n mens moeg en der dagen sat: na die geuitmoordery daar in Natal kom gesante van Sy Hoogdrawendheid en die plaaslike antichris eindelik tot die besef dat daar oor vrede in gesprek getree moet word, soos Broeder Heyns dit sou stel.

### Ver van jou goed...

Maar nou word daar geredekawel oor wáár presies die gesprek moet plaasvind. In Durban kan dit nie, sê Sy Hoogdrawendheid, dis te neutraal. In Ulundi kan dit nie, sê die antichris, dis te bekend. Nou verstaan 'n mens darem Sy Hoogdrawendheid se standpunt: 'n heerser verlaat nie sommer sy troon nie, ver van jou goed, na aan jou skade, het julle dan nie geweet nie? 'n Man moet darem op sy waardigheid kan staan, al beteken dit nou dat daar intussen nog 'n paar honderd lewens in die slag bly.

Kan die kêrels van Cosatu en UDF, saliger gedagtenis, nie gaan kers opsteek by Madam de Klerk se man nie? Hierdie verligte globetrotter het pas Ulundi gaan rooi verf, darem nie Rooi nie, so verlig maak selfs die mak Engelse pers hom nog nie. Maar ons kom net-nou by die siel uit. Eers 'n rympie oor die vredesplan, om bose geeste weg te hou. Neurie dit snags op die wysie van Die Lied van Jong Suid-Afrika, dis genoeg om enige spook terug gate toe te stuur. So rym dit dan:

Sy Hoogdrawendheid praat vrede,
maar die plek is problematies;
vra jy nog 'n rede?
Neutrale gebied is ondemokraties!

### Gee FW 'n halwe kans

Madam de Klerk se man het darem die hele ou spul, Engelse pers inkluis, 'n rat voor die oë gedraai. 'n Paar uiters vae gemeenplase, onverstaanbare moerasgesprekke oor groepsbelange en moral high ground en siedaar, die jongste slagspreuk styg soos 'n kouekoors deur die volk: gee FW 'n kans.

Hoekom sal ons? Hoe lank sit die stomme siel al in die parlement, hoe lank in die koukus, hoe lank in die kabinet of wat daarvan oor is? En in al daardie jare, in al daardie forums, het hy ooit 'n werklike demokratiese, nie-rassige piepgeluidjie laat hoor?

Natuurlik nie, kyk net wat is die afgelope jare in die naam van die NP-regering gepleeg, en nog steeds sit Madam se man in die Party, gestewel en gespoor. En nou kom dit met sulke tierlantyntjies soos indabas (het hy dalk die Natalse Indaba gesteun, teen die stroom van sy Party?) En kyk, dis glo nie verknog aan groepsidees nie, maar waarom verbreed dit dan die eiesake-nonsens? Gee FW 'n halwe kans, en ons is behoorlik van die wal in die sloot.

Moeder sê so, en sy sal weet. Gee FW 'n kans is 'n basuin wat my ongemaklik baie herinner aan die laaste, histeriese slogan: a step in the right direction.

Onthou julle nog hoe het die wit volk vir daai enetjie geval? En kyk hoe lyk die arme grondwet nou, skoon uitgerafel, selfs Madam de Klerk se man soek 'n ander een.

Egbertus sê weer: Pasop vir dié konserwatiewe eierkop. Hoe rym dit dan?

Gee FW 'n kans,
dalk is hy 'n goue gans!
Methinks he needs a lot of luck:
hy klink dan nes die ugly duck!

### Expulsion elixir

Nuus uit die bakermat: Hier op die walle van die Eersterivier gaan dit nog goed met ons gemeenskap, dankie, en ook natuurlik met dié van die studente, maar dis 'n gesinsblad en dus genoeg daaroor. Ons het toe tog te lekker video gekyk, en dáár sien ons toe 'n bekende gesiggie, wat kon ons doen?

'n Paar flinke klappe uitgedeel, en nou kan ons ons koppe weer rustig in die sand steek, alles sal weggaan, of hoe? Daar's darem niks soos 'n skorsing om studente te laat besef wie is die baas nie.

Drink expulsion elixir and be the baas. So rym dit dan:

Op die walle van die Eerste
wei ek en my Heilige Beeste.
Laat die studente maar kreun,
ons sal hulle opdreun.
Word hulle dalk te laf,
sny ons hul loopbane af.
Ons sal die linkse spul uitroei!
Hoogagtend die uwe,
Vries-koei.

### Durr se fokspassie

Die lewendigste en linksste (maar nie die slinksste) parlementslid kraai seker van die lag oor die faux pas ofte wel fokspassie van ene Durr, na bewering 'n minister of 'n gedoente in een van die regerings. Of dit nou 'n kabinet of sub-kabinet of eiesakekabinet is, weet g'n mens nie, behalwe miskien Miesies Klaagvoort, en sy wil nie sê nie.

Sedert sy besluit het om Madam de Klerk in die koeksisterverkiesing aan te durf, het sy 'n nuwe refrein aangeleer: no comment.

Ewenwel, die stomme Durr bied toe aan dat Jan van Eck na hartelus die NP op hul verkiesingsvergadering kan toespreek, omdat hy kwansuis daardeur sy eie verkiesing sal vervreem. Want to bet on it, mister Durr? Jou party is al te wankelrig om nou sulke uitlokkings te maak.

Ieder geval, nou wil die ondernemende Van Eck van die rampokkers weet wanneer en waar hulle gaan vergader, sodat hy darem sy entourage kan opsmuk vir die geleentheid. En nou kom die party that be (of used to be) met die een jakkalsdraai na die ander: die uitnodiging was figuurlik bedoel, by wyse van spreke.

Ai tog, die ou spul kan dit net nie regkry nie: kom verkiesingstyd, kom die rokspassies. Lapa Twintig Rand, Org Twintig Jaar; en nou Durrty Trick. Mister Durr, sulke gimmicks boemerang darem al te dikwels.

Onthou maar gerus: wie laaste lag, lag nooit.

VRYDAG

Bylaag tot Vrye Weekblad, 9 Junie 1989

# Die son kom op vir Afrika-kultuur

CHRIS DU PLESSIS

MIRIAM MAKEBA het sowat drie dekades gelede een van Mackay Devashe, die bekende saksofoonspeler en komponis van Sophiatown, se liedjies geneem en daarvan 'n internasionale treffer gemaak. Die lied was Lakuthshon' Ilanga wat tegelyk "sonsondergang" en/of die "begin van 'n nuwe era" beteken (seker afhangende van die bui waarin jy verkeer).

Dit het die skrywer Mothobi Mutloatse meer as agt jaar gevat om die lied en die konsep in 'n verhoogstuk te verwerk. Die vrugte van sy arbeid (met die dieselfde naam as die liedjie) kan van dié week af by die Markteater Warehouse gesien word.

Mutloatse die besturende direkteur van die uitgewery Skotaville, het die projek met behulp van die Sakhile Arts Commune aangepak. Die stuk is 'n tipe "doku-musiekspel" - 'n musikale huldeblyk aan ons township jazz-legendes van die vyftigerjare sowel as 'n herlewing van Afrika-weergawes van ons geskiedenis.

Mutloatse beskryf dit as 'n "Cultural Visitation" van ons land en sy musiek met 'n klem op die "spirituele ontwikkeling" van die kultuur. Die regie word deur James Mthoba behartig.

Die eietydse tema wat deur die toneelspel vloei, is van 'n groep musikante wat in die tronk 'n musiekgroep wil vórm.

'n Trio van musikante, Thayima, met die ghitaar en saksofoonspeler Bekhi Khoza (wat as akteur optree) aan die spits, sal meer as twintig deuntjies uit die Suid-Afrikaanse goue era van jazz-mbaqanga (van musikante soos Dollar Brand, Makeba, Hugh Masekela, Caiphus Semenya en die oorlede alto-saksofoongenie Kippie "Morolong" Moeketsi) uitvoer.

Drie deuntjies wat geskryf is deur die groep Sakhile se basspeler Siphu Gumede is ook op die lys.

Khoza, 'n linkerhand-ghitaarspeler, het ook die musikale regie en verwerkings waargeneem. Hy is glo ewe tuis met "fusion"-jazz as met tradisionele Masakanda-musiek. Die blinde trompetspeler Mhlupeki Mohajane moet ook glo goed dopgehou word volgens Mutloatse. Al die musikante lees musiek en is bloedjonk. Die skrywer noem hulle "lighties who stay away from the bottle".

Deur die tradisie van mondelinge vertelling word dele van die Suider-Afrika se geskiedenis oor die afgelope 300 uitgelig met 'n klem op die religieuse aspekte. Gehore sal "ander" weergawes van verhale soos dié van die vroeë 18e eeuse Xhosa-siener Makana sien - sowel as 'n ander weergawe van die verwikkelde geskiedenis van die Kaapse Maleiers.

Makana se "gees herleef" in die stuk saam met dié van 'n geesgenoot met die naam Tuanguru, 'n "siener wat onder die Hollandse koloniale magte in Java deurgeloop het.

Hy was ook vir 'n ruk op Robben Eiland," sê Mutloatsei. "En hy het die eerste moskee in Suid-Afrika in Dorpstraat gestig..."


Die hoofrolle (in die drama) word vertolk deur Owen Sejake, Sol Rachilo en twee lede van die Sophiatown musiekspel: Patrick Shai en Arthur Molepo.

'n Langspeler met die opvoering se musiek is vandeesweek uitgereik.

Kevin Harris, die regisseur van die dokumenter The Cry of Reason oor die lewe van Beyers Naudé - wat hier verbied is en vanjaar 'n Oscar-nominasie ingepalm het - is van plan om 'n rolprentweergawe van Lakutshon' iLanga te skiet.



**Bo Petersen soos sy lyk in die nuwe Berkoff-stuk wat deur Kruik opgevoer word: From My Point of View. Die stuk gaan oor die milieu en emosies van 'n vrou uit die werkersklas. Steven Berkoff is reeds in Suid-Afrika bekend vir sy opwindende, energieke stukke Greek, Decadence, West, Kvetch en The Fall of the House of Usher. From My Point of View word vertolk deur Petersen en Mark Hoeben, onder spelleiding van Johan Esterhuizen, bygestaan deur Lorraine Bellamy. Die choreografie word behartig deur Jeanette Ginslov. Ontwerpe deur Birrie le Roux, beligting deur Malcolm Hurrell en musiek deur Johan Cloete.**



**In *Arende* hou Kortgiel van piesangwyn. In die werklikheid is Chipi van der Merwe 'n buitelugmens — 5**

**Carmen in die Kaap — 2**

**Rikky and Pete: Australiërs tref weer die kol — 5**

**Rooikop bitterbek soutie van Yeoville staan weer op — 3**

**Lloyd Cole sorg vir kommosie. Haakvas — 2**

LATE-NITE ALS

Milpark
(agter Holiday Inn)
(011) 726-3412/8609

SPESIALE VROEGAAND AANBOD

25% AFSLAG OP VOOR-TEATER AANDETE
(uit teen 8NM)

Oop van middagete tot baie laat sewe dae per week

# Is varkvleis altyd wurgvleis?

'n GROOT liefhebber van varkvleis is ek nie. As ek aan varkvleis dink, dink ek aan wurgvleis.

Dink maar aan al die varkbraaistukke wat jy in Engelse "carveries" kry - die kartondroë vleis wat jy afwurg tensy jy dit met een of ander sous doodgooi.

"Carveries" waar jy dikwels soveel kan eet as jy wil, is 'n onding: ons is nou maar 'n ou nasietjie van vrate. "Ons eet goed" beteken "ons oorvreet onsself", en dit is doodgewoon onbeskaaf om jouself te ooreet. My oorle oupa het altyd gebid: "O Heer, bewaar ons van de overdaad," maar die tafel was altyd gepak met 'n groot verskeidenheid kos.

Ewenwel, dis baie jammer dat varkvleis gewoonlik droog is. Ek dink varke in Suid-Afrika word hopeloos te laat geslag. Die winsmotief praat harder as enigiets anders. Jy kry baie meer geld vir 'n volgroeide vark as vir 'n jong vark: punt.

Selfs super-varkvleis is dikwels droog en die naam super nie werd nie.

Maar as ons van jong varke praat wat nog nie volgroei is nie, verander die prentjie drasties. Hulle vleis is sappig en sag. En hoe jonger hoe beter. (Ek praat nie eens van 'n speenvarkie nie: dis die gode se eie baba.)

Dis baie moeilik om die vleis van jong varkies in die hande te kry. Maar bel maar ses of agt slagters: dis die moeite werd om die vleis te soek. In Kaapstad het ek dikwels jong varkvleis by die "Swiss Butchery" in Vredehoek gekry. Soek vir jou so 'n slagter.

Die resep wat ek vandag bespreek, het sy oorsprong in Wes-Indië, en staan as Jamaikaanse Vark-Frikassee bekend. Dis heerlik, en moenie dink varkvleis kombineer nie goed met speserye soos kaneel en neutmuskaat nie.

Die bestanddele is:

**'n half-kilo klein varktjoppies van 'n jong vark**
**2 groterige ryp tamaties**
**1 medium ui**
**1 huisie knoffel**
**'n bouquet garni wat bestaan uit 1 takkie vars tiemie, 'n lourierblaar, 'n paar takkies pietersielie en 'n klein stukkie seldery, wat alles met 'n garingdraad aanmekaar gebind is 'n halwe stokkie kaneel**
**'n knypie neutmuskaat**
**2 piesangs**
**2 eetlepels koekmeel**
**'n paar eetlepels droë witwyn**
**2 eetlepels olyfolie**
**20g botter**
**sout en peper**

Voorverhit die oond tot 150 grade Celcius (300 grade Fahrenheit). Skil die ui en sny in dun skywe. Skil die knoffel en kap grof. Skil die tamaties deur dit 'n minuut of wat in kookwater te dompel, in koue water af te spoel en die velletjies af te trek. Sny hulle horisontaal in helftes en druk al die pitte uit. Sny die tamaties in blokkies. Verhit die olyfolie in 'n emalje-ysterpot. Gooi sout en peper op die tjoppies en sprinkel liggies met meel. Skroei die tjoppies aan albei kante wit wanneer die olie goed warm is. Verwyder en hou eenkant op 'n bord. Gooi die uieskywe in die pot en braai goudbruin. Moenie brand nie. Voeg die knoffel en bouquet garni by. Plaas die tjops op die uiebed, sprinkel die tamatieblokkies bo-oor en voeg die kaneel en neutmuskaat by.

Gooi die witwyn in, sit die deksel op en plaas 'n uur en 'n kwart in die oond. Hou die frikassee dop. Gooi 'n bietjie water by as daar te min vloeistof in die pot is.


Skil die piesangs met voordat jy dit wil opdien. Sny in helftes in die lengte. Sprinkel die piesanghelftes met meel en braai in 'n klein braaipan in die botter totdat die piesangs effe bruin is. (Moet dit nie pap braai nie.) Dreineer en hou warm.

Na 'n uur en 'n kwart is die groente 'n dik puree. Verwyder die bouquet garni en kaneel en pas die smaak aan. Plaas die tjoppies op twee warm borde en gooi die sous oor. Versier met gebraaide piesangs, en bedien met gewone wit rys.

Drink 'n stewige rooiwyn saam met die kos, en speel lewendige Jamaikaanse musiek. Só kan varkvleis smaak.

**KOOS COETZEE**

**ETE EN DRINKE**



# Veiling vir wyn van buite Europa

**BJ Lankwarden**

DIE nuus kan nou al gebreek word: op 19 Januarie volgende jaar word die eerste Nuwe Wêreld Wynveiling op Anglo se plaas Voorgelegen in Somerset-Wes gehou.

Die plan is om uitgesoekte wyne van verskeie lande in die nuwe wêreld soos Suid-Afrika, die Verenigde State, Australië, Nieu-Zeeland, Chile, Argentinië en Brasilië te koop aan te bied.

Die veiling sal gehou word deur Stephan Welz en Kie in samewerking met Sotheby's van Londen.

David Molyneux-Berry MW van Sotheby's in Londen - en geen vreemdeling in ons land nie - sal die afslaer wees.

Volgens hom word die volgende Nuwe Wêreld Wynveiling in 1991 in Londen gehou. En daarna is die plan om dit jaarliks op verskillende plekke al om die wêreld te hou.

Molyneaux-Berry sê: "In September sal 'n internasionale proepaneel besluit oor die meriete van die wyne wat vir die veiling voorgelê word om te verseker dat net die beste deurgaan. Op die paneel dien Geoffrey Roberts, Mark Savage MW, James Rogers en John Avery MW. Hulle is almal wynkenners wat internasionaal erken word."

Die Nuwe Wêreld Wynveiling is in 1988 begin as 'n deurlopende instelling om 'n strategiese platform te bied vir die bevordering van wyn uit die Nuwe Wêreld.

Ons land word verteenwoordig deur Anton Rupert en Gavin Relly. Die ander name is net so indrukwekend. Uit Nieu-Zeeland Mate Brajkovitch, uit die VSA Robert Mondavi, uit Chile Miguel Torres en van Doer Onder Murray Tyrrel.

Die organiseerders sê dat buitestaanders binnekort sal sukkel om wyn in Europa te verkoop omdat dié streek in 1992 'n internasionale tariefvrye sone word. Die produsente van die nuwe wêreld moet hul mark konsolideer en daarvoor is die wynveilings die ideale geleent_heid.



**Anton Rupert, 'n beskermheer van die nuwe veiling**

Belangrike sektore van die SA wynbedryf word verteenwoordig op die komitee wat die veiling beplan. Die lede is Michiel le Roux (Bergkelder), Frans Stroebel (Stellenbosch Boerewynmakery), Sydney Back (Backsberg) en Nick Diemont (Anglo American Korporasie).

'n SA proepaneel onder voorsitterskap van John Platter sal die plaaslike wyne keur voordat dit aan die internasionale paneel voorgelê word.

Dit lyk na 'n baie goeie plan, maar daar is 'n paar onbeantwoorde vrae.

Byvoorbeeld die logistiek moet verskriklik wees as 'n mens net dink aan Nietvoorby, ons beroemde instelling wat wil weet of alles op die etiket korrek is. Talle oorsese wyne sê op die etiket dat die wyn binne-in 'n versnit is van 40% van dié en 60% van daai. As Nietvoorby nie in die kelder by was nie, sal hulle die wyn wegwys.

En wat van ons regulasies oor suiker en swael in 'n wyn?

Ons beperkings is laag, teen enige standaarde, en dit sal interessant wees om die reaksie te sien van 'n koper wat uitvind dat 'n bestelling waarvoor hy 'n hele paar Rand uitgehaal het, nie in die land toegelaat word nie.

Die prys is nog 'n vraag. Ons wyne en die Suid-Amerikaanse wyne is partykeer baie goedkoop.

Maar dis nie die geval met Kalifornië en Australië nie. Sal ons mense bereid wees om tot R70 of R100 te betaal vir 'n bottel onbekende wyn?

Verder: hoewel die lys van lande indrukwekkend is, is daar 'n groot verskil in gehalte tussen Chile aan die een kant en Argentinië en veral Brasilië aan die ander. Hulle produseer baie wyn in Brasilië, maar is dit drinkbaar?

Uit Anglo se oogpunt is die plan wonderlik, omdat dit die naam Vergelegen op die kaart sal plaas.

Dis vreemder om die naam van Sydney Back in dié geselskap te sien: hy het nog nooit enige wyn voorgelê by die Nederburgveiling nie, en niemand daar behoort aan die Kaapse Onafhanklike Wynmakersgilde nie.

Een laaste opmerking: op die oomblik is daar 'n tekort aan uitstekende rooiwyn in hierdie land, veral cabernet en cabernet versnitte. Sal dié veiling met oorsese kopers hierdie tekort vergroot?

Maak maar seker jy het genoeg!


HARRIDANS
RESTAURANT
JANET TELIAN
JACQUI CRAIG

By die Mark-teater
Breëstraat, Newtown
Tel: 838-6960



THE COMPANY
Vegetariese
en seekos-restaurant
Oop elke dag behalwe Maandae
11vm - 3.30nm en 6.30nm - 12.30
Rockeystraat 9a
Bellevue
648-0801
THE COMPANY IS SO LEKKER



ONTHOU
Koala Blu Restaurant
is elke middag en aand oop
Tel: 726-1515
Ons bedien besondere kos uit Suidoos-Asië


# In voor 7, uit voor 8

AS jy by Late Night Al's in Milpark in is voor sewe en uit is voor agt, word jou rekening met 'n kwart gesny.

Dis die belofte wat ek en my gesellin in Milpark gaan uittoets het.

Dis 'n soort van voorteater-aanbieding, en ons het dit so - al met die een oog op die horlosie - probeer doen.

'n Klein bottel wyn uit die groot wynlys (van seker vyftig wyne) was Twee Jongegezellen TJ 39. 250 ml het nie eers amper ons glase volgemaak nie.

Toe bring die kelner - 'n baie flink kelner - volgraanbrood vooraf. Die brood was oud en hard. Daarby was daar margarien. Margarien? Terwyl botter deesdae net effens duurder as die kunsproduk is.

Gelukkig was die groot swart sampioene net reg voorberei: nie oorgaar of waterig nie.

Die slakke wat ek geëet het was ewe lekker: 'n duidelike knoffel, daardie deugsame krui, en in 'n kaserige sous.

Vir die hoofgereg bestel ek 'n kruisskyf - "rare" - teen R16.75. My fout om te dink in so 'n steakhouse beteken "rare" dieselfde as "medium rare" (ek het laas op Nelspruit steak geëet). Die bees het nog so gebulk ek kon moeilik dit eet, daarom moes ons maar 'n tweede klein botteltjie wyn bestel.

Die geveg met die steak het lank gevat ook - as ek wou klaar eet sou ons nooit voor agt daar uitgekom het nie.

Die wysheid lê maar by die vrou. My gesellin het 'n Basic Burger (R7.25) geëet. Ek het ook geproe en dit was rêrig lekker. Sappig. Smaaklik.

Daar was nie tyd om nagereg te eet nie - roomys, mousse, koek of kersies - want dit was amper agtuur.

Die rekening: R54.35. Minus 'n kwart was dit R40.76.

Dis die moeite werd, maar hou by die (dertien verskillende) burgers en kies vooraf: daar sal net tyd vir 'n voorgereg, of vir 'n nagereg ekstra wees.

**Victor Munnik**

*Vanaf bladsy 7*

oor... en nou wag ons vir The Fly III, seker oor Martin se seun.

**CROSSING DE-LANCEY - 'n Joodse ouma besluit dat dit tyd is vir haar liberale kleindogter om te trou en sy huur iemand om vir haar 'n man te vang. Met Amie Irving in die hoofrol.

**TEQUILA SUNRISE - 'n Polisieman, 'n dwelmhandelaar en 'n pragtige vrou raak bymekaar betrokke en die vonke begin spat toe emosies in die pad van besigheid kom. Met Michelle Pfeiffer (as die pragtige vrou), Mel Gibson en Kurt Russel.

*FOREVER FRIENDS - Bette Midler en Barbara Hershey is twee vriendinne met uiteenlopende karakters wie se jare lange vriendskap hulle deur lief en leed neem... maar dan duik iets baie leliks op.

*TWINS - Arnold Schwarzenegger en Danny DeVito is twee identiese tweelingbroers wat nie van mekaar se bestaan weet nie. Julius (Schwartzenegger) se soektog na sy tweelingbroer is skreeusnaaks.



**Karen Young and Gary Oldman in Criminal Law.**

### Onafhanklike bioskope

#### Kaapstad

LABIA - Oranjestraat 68 Vanaand: 6.00 To Forget Venice. 8.00 Don's Party. 10.00 Wolf at the Door. Saterdag: 5.00 Bird. 8.00 Crimes of the Heart. 10.00 To Forget Venice.

#### Johannesburg

4AD FILM SOCIETY - Corlett City. Sondag-aand: Africa Addio. 'n Interessante dokumentêr oor die verskillende rasse in Afrika en hul gewoontes wat somtyds grusaam kan wees.

MINI CINE - Pretoriastraat 49, Hillbrow. Vanaand en Saterdag-aand wys Fellini se Satyricon en Maandag tot Woensdag is dit Bongo Man met Jimmy Cliff in Soweto. Pink Floyd se fantasie The Wall wys Donderdag-aand.

**Gidse saamgestel deur DEBBIE AMOS**

# DIE WEEK SE TV

## VRYDAG 9

**TV1**
6.00 Goeiemôre SA
12.00 Franse Ope tennis-toernooi
3.30 Take a Break
4.00 Santa Barbara
4.30 Fast Forward
5.00 Adventures of the Gummi Bears
5.25 Lion Series Bible Stories
5.30 Topsport
6.00 News
6.15 Sundowner
7.00 MacGyver
8.00 Netwerk
8.45 Police File
9.00 Simon en Simon - 'n Nuwe reeks oor die avonture van die bekende speurder-broers Rick en A.J.
10.00 Laataandsessie
10.50 Boland
12.20 Oordenking

**TV4**
6.03 Topsport
9.04 Ulzana's Raid - 'n Rolprent met Burt Lancaster in die hoofrol oor Apaches wat op 'n veldtog van moord en terreur gaan - en hoe die goeie manne hulle jag. Ook met Joaquin Martinez en Bruce Davison.
10.50 It's Garry Shandling's Show
11.16 The Little River Band

**M-NET**
10.30 Sheena
3.00 Telygames
3.30 The Man with one Red Shoe
5.00 The Adventures of Teddy Ruxpin
5.25 Transformers
5.50 Care Bears
6.10 Telecat
Oop Tyd
6.15 Loving
6.50 Amen
7.15 Perfect Strangers
7.45 Motorsport en gholf
Intekenare
8.00 Supersport vervolg
8.30 Something Wild - kyk onder hoogtepunte
10.18 West 57th: Nashville
10.30 The Daydreamer
12.10 Hot Hits

## SATERDAG 10

**TV1**
5.57 Oggendboodskap
6.00 Opvoedkundige TV
6.30 Agriforum '88
7.00 Goeiemôre SA
9.00 Opvoedkundige TV
11.00 Topsport
1.00 Sakkie en Thomas
1.05 Amigo
1.10 Skateiland
1.35 Spoelgoud
2.00 Topsport
5.57 Kompas
6.00 Nuus
6.15 Debuut
7.05 Spioen-Spioen
8.00 News
8.35 LA Law III
9.30 Beyond the Poseidon Adventure - kyk onder hoogtepunte
11.30 The Judge
11.55 Epilogue

**TV4**
6.03 Eisenhower and Lutz
6.30 Mr Belvedere
9.03 Benson
9.29 Hooperman
9.55 That's Hollywood
10.21 The Tracy Ullman Show
10.47 Raaisels in die Kluis

**M-NET**
12.45 Revue Plus
1.30 Romantic Comedy
3.03 West 57th: A Dirty Little War

Hoogtepunte

# Hoe word 'n mens 'n pous?

THE KILLING FIELDS wys Sondagaand op M-Net en word beslis aanbeveel. 'n Westerse joernalis (Sam Waterson) is op soek na sy Kambodjaanse assistent (Haing S Ngor) wat agter die vyandige linies verdwyn het en na Kambodja geneem is. Die wonderlike John Malkovich (Dangerous Liaisons en The Glass Menagerie) is een van die ander spelers. Ook met Athol Fugard en Craig Nelson.

AGATHA CHRISTIE se aanhangers... Evil under the Sun wys Saterdagaand op M-Net en in hierdie moorddrama word nege verdagtes by 'n luukse hotel aan die Adriatiese kus aangehou. Met Peter Ustinov, Jane Birkin en Colin Blakely.

BEYOND THE POSEIDON ADVENTURE volg op The Poseidon Adventure waarin die luukse passasierskip Poseidon omgeslaan het. In die rolprent veg twee groepe teen tyd om die fortuin wat in die sinkende skip versteek is, te red. Maar iemand besef dat daar baie meer op die skip is as net geld en juwele. Met Michael Caine, Sally Field en Telly Savalas. Beyond the Poseidon Adventure wys Saterdagaand op TV1.

HOE word 'n mens 'n pous? Donderdagaand kan die verhaal van Pous John Paul II, From a Far Country, op TV1 gesien word. Die film begin waar Karol Wojtyla nog op skool is en toe al voor die vraag of hy priester wil word gestaan het. Dit was gedurende die Duitse besetting tydens die Tweede Wêreld-oorlog dat hy hom tot die kerk gewend het. Die film wys ook sy invloed op 'n groep fiktiewe mense in sy lewe. Met Sam Neil en Lisa Harrow.

DIE sexy, suksesvolle sekretaresse Melanie Griffith is vanaand in Something Wild op M-Net te sien. Hierin speel sy die rol van 'n erotiese en lewenslustige vrou op wie 'n konserwatiewe man (Jeff Daniels) verlief raak. Alles gaan goed, totdat haar sielsieke man uit die tronk ontslaan word...

GENE WILDER maak al weer sy verskyning in 'n lighartige komedie-riller, hierdie keer is dit Hanky Panky (wie kon Haunted Honeymoon vergeet?). 'n Gawe man help 'n mooi meisie met 'n spioenasie-opdrag en skielik is die boewe en die polisie kort op sy hakke.
Ook met Richard Widmark en Kathleen Quinlan. Hanky Panky wys Dinsdag op M-Net.

3.30 Rugby
5.00 Boks
5.30 Beyond 2000
Oop Tyd
6.15 Hot Hits
7.00 Beauty and the Beast
Intekenare
8.00 Fame, Fortune and Romance
8.30 Evil under the Sun - kyk onder hoogtepunte
10.30 Wild Geese 11

## SONDAG 11


**TV1**
1.30 Pinocchio
1.55 ZET!
2.05 Storybook International
2.30 Combe Farm Arabians
2.55 Franse Ope tennis-toernooi
6.10 50/50
6.50 Built for Life
7.05 Life Style
7.30 Thy Kingdom Come
8.00 Netwerk
9.00 Uit die TV1-kamermusiekfees van 1988
10.10 Perspektief

**TV4**
6.03 Treasure Hunt
9.04 Highway to Heaven
9.57 227 - Die eerste episode van dié komediereeks
10.25 Sing Country
10.58 Topsport

**M-NET**
7.30 Indian tier open
7.31 Feature Movie
10.00 Ramayan
10.30 Portugese tier open
10.32 Sunday Meditation
10.36 O Romance da Raposa
10.50 Duarte E Ca
11.55 Fim de Semana
12.00 Programa Musical
12.25 Os Anarchistas
Intekenare
1.30 Boks
3.25 The Man with the Golden Gun
5.25 The Adventures of Teddy Ruxpin
5.50 Heathcliff
Oop Tyd
6.15 Trapper John
7.05 Carte Blanche
Intekenare
8.00 Wildlife on One: Oasis
8.30 The Killing Fields - kyk onder hoogtepunte
10.35 The Last Metro

## MAANDAG 12

**TV1**
6.00 Goeiemôre SA
3.00 Teleschool
3.30 Opvoedkundige TV
4.00 Santa Barbara



**Melanie Griffith speel vanaand in Something Wild**

4.30 Webster
5.00 Quaq Quoa
5.10 The Trap Door
5.15 Pumpkin Patch
5.30 Lion Series Bible Stories
5.35 The Valley Children
6.00 News
6.15 Graffiti
7.00 The Highwayman
8.00 Netwerk
9.00 Skoppensboer
9.30 Warmwaterbronne
10.00 Topsport
11.00 St Eligius
11.50 Oordenking

**TV4**
6.03 Butterfly Island
6.30 Topsport
9.03 Family Ties
9.32 Dynasty
10.23 21 Jump Street
11.15 The Beam

**M-NET**
10.30 Deadly Game
3.00 Telygames
3.30 The Day Dreamer
5.25 The Spiral Zone
5.50 The Smurfs
6.10 Telecat
Oop Tyd
6.15 Loving
6.50 Murphy's Law
7.45 Boks
Intekenare
8.00 Boks
8.30 Delusions of Grandeur - 'n Drama oor 'n skatryk, hebsugtige minister aan die Spaanse hof wat ontslaan en verban word. Hy beplan wraak. Met Louis de Funès, Yves Montand en Alberto Mendoza.
10.30 Romantic Comedy
12.15 Woodstock

## DINSDAG 13

**TV1**
6.00 Goeiemôre SA
3.00 Teleskool
3.30 Opvoedkundige TV
4.00 Die Swartwoudkliniek
5.00 Rompelstompelstories
5.10 Wielie Walie
5.30 Saartjie
5.57 Kompas
6.00 Die Nuus
6.15 Potpourri
7.05 Die ander Hollywood
8.00 Network
8.30 Dallas
10.00 Topsport
11.00 Open University
11.55 Evening Prayer

**TV4**
6.00 Fame
9.04 The Trail - 'n Rolprent oor 'n doodgewone man wat onskuldig in hegtenis geneem word. Met Anthony Perkins en Orson Wells.
11.04 The Hit Squad
11.28 Hondo

**M-NET**
1.30 Boks - Regstreekse uitsending van die Supermiddelgewig titelgeveg tussen Sugar Ray Leonard en Thomas Hearns vanaf Caesar's Palace, Las Vegas.
10.30 Wild Geese 11
3.00 Telygames
3.30 The Last Metro
5.25 Children's Island
5.50 GI Joe
6.10 Telecat
Oop Tyd
6.15 Loving
6.50 Falcon Crest
7.45 Boks
Intekenare
8.00 Hollywood Squares
8.30 Hanky Panky - kyk onder hoogtepunte
10.15 Newsnight: Semetex Detection
10.30 Something Wild

## WOENSDAG 14

**TV1**
6.00 Goeiemôre SA
3.00 Teleschool
3.30 Opvoedkundige TV
4.00 Silhouette
5.00 Quaq Quao
5.10 The Trap Door
5.15 ZAP MAG
5.25 Lion Series Bible Stories
5.30 Sea Hunt
6.00 News
6.15 No Jacket Required
7.00 Crazy about the Movies - Dokumentêr oor jongmense wat org vir spesiale effekte.
7.30 Louis Motors
8.00 Netwerk
9.05 Orkney Snork Nie
9.35 Diagonal Street
10.00 Topsport
11.00 Die wêreld van die Barok
12.00 Oordenking

**TV4**
6.03 Day by Day
6.30 Topsport
9.04 The Colbys
9.58 Die Geldstrik
11.28 My Two Dads

**M-NET**
10.30 Evil under the Sun
3.00 Telygames
3.30 The Man with the Golden Gun
5.25 The Flintstone Kids
5.50 The Adventures of the Galaxy Rangers
6.10 Telecat
Oop Tyd
6.15 Loving
6.50 The Oldest Rookie
7.45 Golf
Intekenare
8.00 Golf
8.30 The Dirty Dozen: The Fatal Mission - Telly Savalas speel die hoofrol in dié aksieprent oor die uitwissing van 'n groep belangrike Nazi's wat 'n vierde ryk in Turkye moet stig. Ook met Erik Estrada.
10.05 Dirty Weekend
10.30 The Killing Fields

## DONDERDAG 15

**TV1**
6.00 Goeiemôre SA
3.00 Teleskool
3.30 Opvoedkundige TV
4.00 Swartwoudkliniek
5.00 Niklaas
5.25 Tekkies
5.57 Kompas
6.00 Nuus
6.15 Uit en Tuis
7.05 Arende
8.00 Network
9.00 Hill Street Blues
10.00 Topsport
11.00 From a Far Country - kyk onder hoogtepunte
1.00 Face to Face

**TV4**
6.03 TV4 Top 20
6.30 Muzik A La Carte
9.04 Life's Most Embarrassing Moments
9.52 Cheers
10.20 Oubaas Koster
11.27 Ripley's Believe It or Not

**M-NET**
10.30 The Day Dreamer
3.00 Telygames
3.30 Romantic Comedy
5.13 Videofashion Monthly
5.25 Dr Snuggles
5.50 Inspector Gadget
6.10 Telecat
Oop Tyd
6.15 Loving
6.50 Designing Women
7.20 Empty Nest
7.45 Revue Plus
Intekenare
8.00 Revue Plus
8.30 The Revolution Wedding - 'n Komedie oor 'n Fransman wat gekant is teen die vorstehuis en verban word. Met Jean Paul Belmondo.
10.00 Lords of Hollywood
11.00 Golf
1.00 Carte Blanche